

Die koppeling tussen die Gordel-en-pad-inisiatief (GPI) en die Afrika-vryehandelsone (AVHS): 'n Teoretiese ontleding uit die politieke ekonomie van handel en streeksintegrasie

Fanie Herman

Fanie Herman, Departement Politieke Studies en Regeerkunde, Universiteit van die Vrystaat

Opsomming

In die Internasionale Politieke Ekonomie (IPE), van handel en streeksintegrasie is daar twee inisiatiewe wat tans uitstaan, China se Gordel-en-pad-inisiatief (GPI) en die Afrika-vryehandelsone (AVHS). Laasgenoemde staan in Engels bekend as die African Continental Free Trade Area (AfCFTA). Die GPI se oogmerk is om infrastruktuur te bou wat vervoer, energie en telekommunikasiestelsels kan verbind, terwyl die AVHS se oogmerk is om 'n kontinentale mark vir goedere, dienste en die vrye beweging van mense te skep. Die eerste deel van die artikel bespreek aspekte van die GPI en AVHS wat nodig is om konteks en agtergrond vir die doelwit te verskaf. Die artikel steun op teoretiese insigte uit die politieke ekonomie van handel en streeksintegrasie om die koppeling tussen die twee inisiatiewe te ontleed. Dit word in verskillende teoretiese subtemas bespreek. In dié verband word insigte uit ekonomiese streeksintegrasie, sekuriteitsvennootskappe, onderhandelingsmag, vergelykende voordeel, neoliberalisme, neofunksionalisme en konstruktivisme gebruik. Die artikel kyk ook na inhoudelike kwessies en kritieke aspekte wat die verband beïnvloed. Opmerklik van die GPI is die bou van infrastruktuur om die AVHS se doelwit van fisiese integrasie en die fasilitering van handel regoor die kontinent te bevorder. Aangesien die AVHS nog in die beginfase van implementering is en min empiriese bewyse bestaan, word 'n voorspellende benadering gevolg om die waarde van die teoretiese insigte te bepaal. Dit fokus op verwagtinge en moontlike resultate wat teoretiese insigte bied om die koppeling aan te dui. Vanuit China se perspektief kan die GPI voorsien in die behoeftes van Afrika se infrastruktuur en geleenthede skep vir die verhoging van handel tussen China en Afrika. Vanuit Afrika se perspektief is dit belangrik om die twee inisiatiewe te integreer vir die realisering van die AVHS se doelwitte en ook om handel met China te verhoog. 'n Positiewe bevinding is dat die twee inisiatiewe Afrika se ekonomiese vooruitsigte met die res van die wêreld verhoog en as voorbeeld dien vir die koppeling van infrastruktuur met handelsdoelwitte.

Trefwoorde: Afrikamark; Afrika-vryehandelsone (AVHS); fasilitering van handel; Gordel-en-pad-inisiatief (GPI); streeksintegrasie; teoretiese insigte uit die politieke ekonomie van handel en streeksintegrasie

Abstract

The connection between the Belt and Road Initiative (BRI) and African Continental Free Trade Area (AfCFTA): A theoretical analysis from the political economy of trade and regional integration

The objective of this article is to employ theoretical insights from the political economy of trade and regional integration to analyse the connection between the Belt and Road Initiative (BRI) and the African Continental Free Trade Area (AfCFTA). The BRI aims to build infrastructure that connects transport, energy and telecommunications systems, while the AfCFTA aims to create an African continental market for goods, services and the free movement of people.

Regional integration in International Political Economy (IPE) refers to the establishment of an organizational agreement between countries in a particular region designed to facilitate and coordinate the free flow of goods and services. There are four interconnected themes driving regional integration in Africa over the past few years. These are trade policy, trade facilitation, infrastructure development and economic competition. Despite efforts to integrate, there are still problems, such as the free transport of goods, services and integration of market factors.

The Chinese school of thought on regional integration is motivated by political or geopolitical considerations rather than economic considerations. Regional integration, however, took on a new meaning with the introduction of the BRI. This initiative provides funds for the establishment of infrastructure projects that can improve cross-border trade and help with economic growth. The BRI is currently the most important programme to encourage deeper economic integration and a well-formulated policy tool to connect China with the rest of the world. The AfCFTA aspires to use regional organisations to facilitate trade across the continent. Regional agreements and economic communities have been the foundation of trade in Africa for decades. The Economic Community of West African States (ECOWAS) was the first organisation established in Africa to facilitate trade within the region. The Common Market for Eastern and Southern Africa (COMESA) and the Southern African Development Community (SADC) also have a long history in Africa.

The AfCFTA will create new opportunities for Chinese-African cooperation and requires the building of strong infrastructure. It is in this area that Chinese assistance is welcomed due to the country's wide experience in building infrastructure at home and in countries all over the world. China's motivation for cooperation with the AfCFTA is to create an effective and profitable trade area that is beneficial to all parties. At this stage it is too soon to expect clear results, but the hope is that all countries will benefit once the AfCFTA is fully operational. The physical integration of infrastructure is important for the following reasons. First, economic growth is promoted by building networks; secondly, social unity is increased by building access routes; thirdly, infrastructure helps to create communication channels that promotes dialogue, development and peace; fourthly, trade disputes between countries in the region can be jointly

resolved; fifthly, decisions are made that benefit all the countries in the region; and finally, local governments and the private sector can participate in the integration process.

Theoretical insights from the political economy of trade and regional integration are used in a predictive way to indicate the connection between the BRI and AfCFTA. Due to the fact that the AfCFTA is only in the initial phase of implementation, the focus is on expectations and possible results of cooperation.

The BRI is an important tool to promote the economic goals of both China and Africa. Cooperation on BRI projects can strengthen the negotiating power of all parties in multilateral forums and prevent stronger countries such as China from taking advantage of weaker countries. Trade agreements aim to reform economic structures and also help African countries gain greater bargaining power in the WTO. China's investments are also valuable for developing Africa's industries and creating new job opportunities and economies of scale. Thousands of temporary workers from China are employed in BRI and other economic development projects across the continent.

The BRI is also an instrument to integrate regions based on political and military reasons, for example the role of peacekeeping missions, African countries' support for China in the UN and WTO and the One-China-Policy. Realism is of value in explaining China's political leadership in the integration process. The assumption is that a process of political and economic integration can be achieved only through strong leadership from one or more countries. China as the leader of the BRI is willing to use its power and influence to promote the integration process. Neoliberalism promotes free trade and economic growth, reduces poverty, creates competition in the market and presents consumers with more choices between products. Neoliberalism can explain the integration of African markets under the AfCFTA.

Neofunctionalism prioritises the common actions and objectives of countries within a region to form an integrated economic unit or political entity. The AfCFTA can serve this purpose and unite all regions in Africa to facilitate trade. Neofunctionalism aligns with China's premise that Africa should form a web of interdependence of the different regions to promote trade relations. Constructivism focuses on the way in which social interaction contributes to shared interests and identity. This social interaction is important for realising China's shared vision for humanity. The vision pursues sustainable economic development, cooperation and the maintenance of the international system of governance for all countries in the world.

China's challenge to the Western model of financing is one of the major areas of criticism the West has of the BRI. Efforts by the West to provide financing through bilateral and multilateral agreements are overshadowed by the large amounts of money China is investing in the BRI. While the BRI on its own is not strong enough to change the business landscape in Africa, China's infrastructure-building is of value to promote the AfCFTA. China is willing to help African countries develop economically, which strengthens the Chinese-African partnership at the international level. China maintains a policy of economic development with countries in the Global South and countries are rewarded for cooperation. This all coincides with efforts to make the Global South part of a Chinese-centric international trade network.

Stronger economic power means that China gains advantage from the signing of trade agreements. This has a negative effect for African countries because they transfer economic sovereignty at the cost of negotiating power. In effect, China gains greater competitive advantage

and Africans pay more for goods and services. Despite all the praise heaped on the AfCFTA, there are challenges. Some of the biggest challenges facing countries on BRI routes are poor infrastructure and a shortage of economic corridors. It is true that BRI infrastructure projects increase trade, attract more Chinese investment and alleviate poverty, but there are also drawbacks in that the cost of new infrastructure for certain projects exceeds the benefits – the high debt burden and non-completion of economic corridors being examples. Western countries are traditionally protectionist in their trade with Africa, but expect African countries to remove obstacles that could hinder trade. The AfCFTA seeks to introduce the African market to the world and this will be difficult to realise if the attitude exists that Africa is still dependent on Western economies.

The findings of the study reveal the following: First, China and Africa share related perspectives on regional integration and the facilitation of trade, the building of industrial areas to encourage specialisation, reduced tariffs on goods and services, the flow of labourers between regions, and competitive market advantage. Secondly, the connection of all these areas can reconcile the BRI's building of infrastructure with the AfCFTA's liberalisation of trade and lead to a win-win situation. Thirdly, it is necessary that economic corridors are established to increase trade within and between regions. While it is still too early to make any predictions about the feasibility of the AfCFTA, the foundation is laid for regional integration and the promotion of trade. The connection between the BRI and AfCFTA can help realise this vision.

Keywords: African Continental Free Trade Area (AfCFTA); Belt and Road Initiative (BRI); connection between the BRI and AfCFTA; facilitation of trade; regional integration; theoretical insights from the political economy of trade and regional integration

1. Inleiding

Solingen (2015:10) is van mening dat die toename in ekonomiese streeksintegrasie 'n duidelike uitwerking het op die rigting waarin die wêreld ekonomie beweeg. Die Gordel-en-pad-inisiatief (GPI) speel in dié verband 'n rol om samewerking tussen lande te bevorder wat nie slegs fokus op die bou van infrastruktuur nie, maar ook ten doel het om handel te integreer en direkte buitelandse beleggings aan te moedig. Die GPI is in September 2013 deur president Xi Jinping van China bekendgestel. Die inisiatief is sinoniem met die syroete wat eeue tevore deur die Chinese vorstehuse as 'n ekonomiese roete gebruik is om handel met Europa te bevorder. Teen die einde van 2021 is die hele Afrika by die inisiatief betrek met die doel om 'n Chinees-gesentreerde handelsnetwerk in Afrika te vestig. Volgens die Wêreldbank (Worldbank 2020) is GPI-projekte teen die middel van 2020 opgerig in lande wat ongeveer 60% van die wêreld se bevolking uitmaak en een derde van die wêreld se BNP verteenwoordig. Dit plaas die GPI in 'n kategorie van een van die wêreld se grootste infrastruktuurontwikkelingsprojekte tot op hede.

Die GPI sal, wanneer dit in volle werking is, internasionale vervoerkostes met ongeveer 12% sny en handel tussen korridorekonomieë, oftewel lande wat van spesifieke toegangsroetes gebruik maak om goedere en dienste te vervoer, met 2,8% tot 9,7% verhoog. Die verwagting is dat meer as agt miljoen mense wat in die armste streke van die wêreld bly, uit armoede gelig sal word. Die uitgangspunt is dat die GPI in samehang met die Afrika-vryhandelzone (AVHS) kan meehelp om ekonomiese integrasie en handel in Afrika te bevorder (Worldbank 2020).

Kuwono (2021) verduidelik dat die AVHS 'n multilaterale vryhandelsooreenkoms is wat 'n enkele mark vir die 54 lidlande van die Afrika-Unie (AU) wil skep. Dié inisiatief is een van die mees ambisieuse handelsooreenkomste wat in die afgelope paar jare gesluit is. Dit is in Maart 2018 onderteken en op 30 Mei 2019 bekragtig. Die AVHS sal met volle implementering die wêreld se grootste handelsarea wees ten opsigte van die aantal lande wat die ooreenkoms geteken het. Die area verbind meer as 1,3 miljard mense met 'n gesamentlike bruto binnelandse produk (BBP) van 3,4 miljard Amerikaanse dollars (Kuwono 2021). Die aksieplan vir die bevordering van handel in Afrika, in Engels bekend as die Action Plan for Boosting Intra-African Trade (BIAT), is die hoofmeganisme om handel tussen Afrikalande te fasiliteer en te koördineer. Die plan identifiseer handelsbeleid, handelsfasilitering, produksiekapasiteit, handelsinfrastruktuur en handelsfinansiering as belangrike areas vir die integrasie oor die kontinent. In samehang met die GPI se fokus op beleidskoördinerings, die verbinding van fasiliteite, onbelemmerde handel, finansiële integrasie en mens-tot-mens-verhoudinge, kan die BIAT-plan help om die volume van handel tussen Afrikalande te verhoog (Ndichu 2020).

Kuwono (2021) skryf dat 108 miljard Amerikaanse dollar oor die volgende vyf jaar benodig word om infrastruktuur soos vervoerstelsels, kommunikasienetwerke en energievoorsieningskanale te ontwikkel. Die AVHS is op 1 Januarie 2021 geïmplementeer en vereis dat lidlande tariewe van 90% op goedere en produkte verwyder ten einde die vrye vloei van kommoditeite regoor die kontinent te vergemaklik. Die Verenigde Nasies (VN) se Ekonomiese Kommissie vir Afrika verwag dat die ooreenkoms handel in Afrika teen 2022 met tot soveel as 52% gaan verhoog (au.int. 2018). Die algemene doelwit van die ooreenkoms is om 'n enkele Afrikamark te skep, ekonomiese integrasie regoor die kontinent aan te help, 'n liberale platform vir handelsonderhandeling te skep, die vrye beweging van mense en kapitaal te verseker, beleggings te akkommodeer, nader te beweeg aan die skep van 'n kontinentale doeane-unie, volhoubare en inklusiewe sosio-ekonomiese ontwikkeling te verkry, geslagsgelykheid en strukturele veranderings tussen lidlande te bevorder, mededinging tussen lidlande en in die internasionale mark aan te moedig, industriële ontwikkeling deur middel van diversifisering en kapasiteit aan te moedig, en op die ontwikkeling van die landbousektor en voedselsekureit te fokus (unctad.org. 2016).

Dié studie ondersoek nie die organisatoriese aspekte van die twee inisiatiewe nie. Dit kan dalk net genoem word dat die AVHS 'n uitgebreide organisatoriese struktuur het. Die handelsareas omsluit protokolle soos elektroniese handel en handel in intellektuele-eiendomsreg en operasionele instrumente soos die reëls van oorsprong en die wetlike vereistes vir handeldryf. Dan is daar die organisatoriese struktuur wat bestaan uit 'n buro, sekretariaat en sekretaris-generaal, en departementele struktuur, wat bestaan uit 'n algemene vergadering, raad van ministers en die komitee van senior amptenare (Apiko, Woolfrey en Byiers 2020).

Volgens Prasad (2021) is daar vier onderling verbinde temas wat streeksintegrasie die afgelope paar jare in Afrika aandryf. Dit is handelsbeleid, handelsfasilitering, infrastruktuurontwikkeling en ekonomiese mededinging. Ten spyte van pogings om te integreer, is daar nog probleme, byvoorbeeld die vrye vervoer van goedere en dienste en integrasie van markfaktore.

Die onderstaande stelling beskryf die probleem wat ondersoek word en die doelwit om antwoorde op die probleem te verkry.

Probleemstelling

Die bou van GPI-infrastruktuur bevorder streeksintegrasie en die fasilitering van handel in die AVHS.

Konteks

Dit is alombekend dat China groot bedrae geld in die bou van infrastruktuur in Afrika belê. Die projekte word van stapel gestuur om Afrikalande se ekonomieë te help ontwikkel, wat op sy beurt weer China se handelsbetrekkinge met die kontinent verbeter. Die GPI is die hoofaandrywer van die bou van infrastruktuur, en die AVHS poog om handel regoor Afrika te fasiliteer. Daar is voorbeelde van suksesvolle GPI-projekte wat handel binne streeksverband bevorder. Dit is egter nodig om vas te stel in watter mate die GPI en AVHS mekaar aanvul.

Relevansie

Soos voorbeelde van ander vryhandelareas in die wêreld toon, byvoorbeeld Mercosur in Suid-Amerika en ASEAN in Suidoos-Asië, is die bou van infrastruktuur 'n noodsaaklike element om handel in dié streke te bevorder. Die AVHS staan aan die voorpunt om die grootste vryhandelsone in die wêreld te word en het die potensiaal om die Afrikamark aan die wêreld bekend te stel. Sonder die hulp van China om infrastruktuur te bou gaan die doelwitte van die AVHS egter sukkel om te realiseer. Dit is waarom dit nodig is dat China by die vryhandelsone betrek word. 'n Ondersoek na die koppeling tussen die GPI en AVHS sal antwoorde verskaf op die vraag of streeksintegrasie bevorder en handel fasiliteer word.

Doelwit

Die doelwit van die ondersoek is om teoretiese insigte uit die politieke ekonomie van handel en streeksintegrasie te gebruik om die koppeling te ondersoek. Dit is egter nodig om eers konteks en agtergrond te verskaf deur sekere aspekte van die GPI en AVHS te beskryf.

Die volgende kort afdeling verskaf voorlopige antwoorde op dié probleemstelling, wat later volledig ondersoek word. In 'n eerste stap kan gestreef word na ligte integrasie. Dit beteken die bou van beter en nuwe infrastruktuur wat met die GPI reeds 'n aanvang geneem het. Verder moet die besigheidsomgewing verbeter word. Sedert China se hernude toetreding tot Afrika aan die begin van die 2000's is miljoene Amerikaanse dollar bestee aan die bou van infrastruktuur en ekonomiese ontwikkeling. Dit vind regoor Afrika op 'n uitgebreide skaal plaas. China het voor die aankondiging van die GPI in Afrika se ontwikkeling belê en paaie, brûe en spoorlyne gebou wat stede met mekaar verbind. Hier word spesifiek verwys na projekte in Oos-Afrika, Soedan en die DRK. China se ekonomiese-ontwikkelingsplan vir Afrika kom dus 'n lang pad. Met die aankondiging van die GPI is 'n nuwe era van intense ekonomiese ontwikkeling ingelui wat ten doel het om 'n Chinees-gesentreerde handelsnetwerk daar te stel. Streeksorganisasies regoor die kontinent speel ook 'n rol om die doelwitte en ambisies van die AVHS te realiseer. (Kuhlmann en Agutu 2020:756–7) identifiseer die volgende belangrike streeksorganisasies in Afrika: die AU, die Oos-Afrika-Gemeenskap (OAG), die Suider-Afrikaanse Ekonomiese Gemeenskap (SAOG), die Ekonomiese Gemeenskap van Sentraal-Afrika-state (EGSAS) en die Ekonomiese Gemeenskap van Wes-Afrika-state (EGWAS). Dié organisasies kan 'n groot bydrae lewer om die proses van ligte integrasie te versnel.

Die suksesvolle implementering van die AVHS is belangrik om handel in Afrika met Chinese handelsnetwerke te verbind. Sonder die GPI se fokus op die bou van infrastruktuur en handelsnetwerke gaan dit moeilik vir die AVHS wees om langtermyn doelwitte te bereik. In dié opsig moet gekyk word na die omvang van China se totale handel met Afrika en die feit dat die implementering van die AVHS dié handelsvennootskap nog verder kan vergroot (Kuhlmann en Agutu 2020:756–7).

Die struktuur van die artikel sien soos volg daar uit:

1. Afdeling twee verskaf 'n konseptualisering van die politieke ekonomie van handel en streeksintegrasie. Hier word gekyk na die redes waarom regerings streeksoreenkomste sluit en die kwessie van dieper integrasie. China (deur die GPI) en die AVHS se perspektiewe oor streeksintegrasie word ook beskryf.
2. Afdeling drie ondersoek die koppeling tussen die GPI en AVHS op grond van bewyse en voorbeelde. Hier word gekyk na strategieë wat die AVHS met die GPI kan verbind, die ondersteuning wat die AU bied om handel te fasiliteer, die GPI se primêre fokus op die bou van infrastruktuur en ekonomiese toegangsroetes, en die fisiese integrering van infrastruktuur.
3. Afdeling vier steun op insigte uit die politieke ekonomie van handel en streeksintegrasie om die verband tussen die GPI en AVHS aan te toon. 'n Voorspellende benadering wat sekere verwagtinge skep oor hoe die twee inisiatiewe mekaar tans en in die toekoms kan ondersteun, word gevolg. Die insigte is ontleen uit teorieë van streeksintegrasie, internasionale handel, neoliberalisme, realisme, neofunksionalisme en konstruktivisme. Wat al die insigte gemeen het, is dat dit lig werp op stappe wat geloods kan word om streeksintegrasie en die fasilitering van handel aan te help.
4. Afdeling vyf verskaf antwoorde op vrae wat betrekking het op inhoudelike kwessies: (1) Hoe beïnvloed reaksies van die Weste, veral Amerika, die GPI in Afrika en sal die AVHS minder aangewese kan wees op die GPI as Westerse state mededingende voordele aanbied? (2) In hoeverre is China afhanklik van die GPI vir volgehoue ekonomiese groei? (3) Kan China die GPI as instrument van beloning of straf (deur weerhouding) aanwend?
5. Afdeling ses bied 'n kritiese ontleding van faktore wat die koppeling tussen die GPI en AVHS beïnvloed of moontlik mag beïnvloed. Die fokus van dié afdeling is spesifiek op die gevolge wat streeksintegrasie vir China-Afrika-samewerking inhou (dit word as positiewe en negatiewe gevolge uitgebeeld), uitdagings waarmee die AVHS te kampe het, die bydrae van toegangsroetes vir die bevordering van handel, en kritiek op die teorieë van neoliberalisme, neofunksionalisme en konstruktivisme.
6. Die gevolgtrekking dui aan dat die GPI se bou van infrastruktuur en ekonomiese toegangsroetes ondersteunend bydra tot die realisering van die AVHS se handelsdoelwitte. Gesamentlik het die twee inisiatiewe die potensiaal om kontinentale handelsnetwerke op te rig en sterker handelsbande tussen China en Afrika te smee. Terwyl die AVHS 'n belangrike rol vervul om ekonomiese integrasie te bevorder, gaan dit moeilik gebeur sonder die bystand van die GPI.

2. 'n Konseptualisering van die politieke ekonomie van handel en streeksintegrasie

Volgens Cora en Castle (2016:6) verwys *streeksintegrasie* in die Internasionale Politieke Ekonomie (IPE)¹ na die daarstelling van 'n organisatoriese ooreenkoms tussen lande in 'n bepaalde streek wat ontwerp is om die vrye vloei van goedere en dienste te fasiliteer en koördineer. Vir doeleindes van die ondersoek word streeksintegrasie en streeksooreenkomste in dieselfde konteks ondersoek, omdat die AVHS daarna strewende om die verskillende streke in Afrika onder een ooreenkoms te verenig wat in die finale instansie tot 'n kontinentale integrasie van markte gaan lei. Cora en Castle (2016:6) identifiseer voorkeurhandelsgebiede (die ooreenkoms vereis 'n lae vlak van verbintenis tussen deelnemende lande om handelstariese te verminder), 'n vryhandelarea, doeane-unie, gemeenskaplike mark, ekonomiese unie en volle integrasie as die belangrikste terreine van streeksintegrasie.

Regerings sluit streeksooreenkomste om politieke en ekonomiese redes. Politieke redes sluit in die verbetering van sekuriteit om goedere en dienste tussen verskillende streke te versprei, die daarstelling van strukture om onderhandeling tussen agente en politici te koördineer, en die hervorming van reëls en regulasies om handel tussen streke te vergemaklik. Verder is ooreenkomste binne streeksorganisasies makliker om te onderhandel as binne die Wêreldhandelsorganisasie (WHO). Ekonomiese motiverings vir plaaslike ekonomiese integrasie sluit in toegang tot 'n groter binnelandse mark, die ontlokking van bykomende buitelandse direkte belegging, die moontlikheid om dieper ekonomiese integrasie te bevorder en die beskerming van niemededingende, internasionale industrieë (Cora en Castle 2016:7–8).

Van Ginkel en Van Langenhove (2003:5–9) wys daarop dat vorige pogings om streeksintegrasie te bevorder, hoofsaaklik gefokus het op die verwydering van struikelblokke wat handel kon belemmer, die vrye beweging van mense aan te moedig, arbeid, goedere en kapitaal oor nasionale grense heen te versprei, streekskonflik te verminder (bv. deur die inwerkingstelling van maatreëls wat vertroue en sekuriteit kan bou) en die aanvaarding van eenvormige beleidsposisies oor die omgewing, klimaatsverandering en migrasie. Aan die ander kant beskou De Lombaerde en Van Langenhove (2007:380–2), streeksintegrasie as 'n eenvoudige proses waar lande binne 'n betrokke streek hulle vlakke van ekonomiese, politieke, sosiale en kulturele interaksie verhoog.

Daar is ook sprake van dieper integrasie van ekonomieë wat in die algemeen op die regulering van die handelsomgewing sal fokus. Volgens Claar en Andreas (2013:276–8) sal die regulering minstens agt belangrike funksies vervul. Dit sluit in: die versterking van handelsregulasies in die streek, die skep van 'n omgewing vir privaatsektorontwikkeling, die oprigting van infrastruktuur wat ekonomiese groei en streeksintegrasie kan ondersteun, die ontwikkeling van sterk instellings in die openbare sektor wat beginsels van goeie regering bevorder, die gebruik van sosiale kapitaal om 'n inklusiewe burgerlike gemeenskap te bou, die instelling van programme en aksieplanne wat vrede en sekuriteit in die streek te weeg kan bring, en die ontwikkeling van programme wat omgewingsbewaring in die streek kan bevorder.

Teoreties is die integrasie van ekonomieë die eerste stap om 'n groter mark vir handel en beleggings te skep. Indien dit gebeur, kan markte produksie-uitsette verhoog, meer effektiewe reguleringmaatreëls daarstel, en struikelblokke vir oorgrenshandel verminder. Verder help kwotas en tariewe op goedere en dienste om die ekonomiese speelveld vir alle ekonomiese rolspelers gelyk te maak (africanews.com 2022). Streeksooreenkomste is tans deel van die internasionale ekonomiese orde en 'n erkende eienskap van internasionale politieke ekonomie.

2.1 China se idee oor streeksintegrasie

Killion (2008) beweer dat die Chinese denkrigting oor streeksintegrasie gemotiveer word deur politieke of geopolitieke eerder as ekonomiese oorwegings. Streeksooreenkomste in die globale suide² word meestal op 'n ongelyke basis beding wat een land 'n handelsvoordeel bo ander lande gee; dit is gewoonlik die land wat die grootste onderhandelingsmag het en ekonomiese hulpbronne effektief kan aanwend. Die nadeel van dié sterk bedingingsposisie is dat welvaart nie deur al die lande in die streek gedeel kan word nie. Killion (2008) se ondersoek na ASEAN het gevind dat die organisasie 'n ander rigting inslaan, naamlik een waar vryhandelsooreenkomste (FTAs, Free Trade Agreements) handel tussen al die lande in die streek bevorder. China se motivering om 'n FTA met ASEAN te sluit het berus op die oorskakeling van 'n beskermende ekonomiese beleid na een van die vrye beweging van goedere en dienste tussen al die lande in Suidoos-Asië. Daar is ook besluit om weg te beweeg van die afhanklikheid van invoere na 'n uitvoergeoriënteerde mark. Bilaterale vryhandelsooreenkomste is met lande in die globale suide gesluit eerder as met ryk lande in die globale noorde.

Streeksintegrasie het nuwe betekenis gekry met die bekendstelling van die GPI. Dié inisiatief voorsien fondse vir die oprig van infrastruktuurprojekte wat oorgrenshandel kan verbeter en met ekonomiese groei kan help. Die GPI is tans die belangrikste program om dieper ekonomiese integrasie aan te moedig, en 'n goed-geformuleerde beleidsinstrument om China met die res van die wêreld te verbind. Die vaardighede en kennis wat China in die afgelope twee dekades opgebou het met die oprigting van infrastruktuur, word orals in die wêreld toegepas (xinhuanet.com 2020).

Zhang (2018) is van mening dat vryhandelsooreenkomste gelei moet word deur tendense in die mark en nie deur politieke of geopolitieke oorwegings nie. Eersgenoemde sal lei tot 'n positiewe groei in handel en minder struikelblokke wat handel negatief kan beïnvloed. Hierteenoor, word die GPI deur China as politieke speelbal gebruik om spanning tussen streke te verlig. In Afrika byvoorbeeld is daar konflik tussen Ethiopië, Eritrea en die Soedans oor die gebruik van toegangsroetes, en tree China tans as bemiddelaar op om handelsgeskilte op te los. GPI-projekte word in die lande opgerig en dit is belangrik dat 'n veilige omgewing vir handel in die streke geskep word. Die projekte kan ook net voortgaan indien wedersydse vertroue tussen China en die lande bestaan. Die GPI is dus belangrik om 'n gunstige strategiese landskap vir China se langtermynontwikkeling te skep (Zhang 2018). Die konsepverklaring van die GPI, getitel "Building the Belt and Road: Concept, Practice and China's Contribution", stel dit duidelik dat besigheids- en sosiale projekte moet poog om die ekonomieë van streke te verbind. Die GPI is 'n inklusiewe meganisme om politieke en ekonomiese rolspelers binne streke te laat saamwerk deur middel van konsultasie, die deel van kennis en wedersydse voordele (eng.yidaiyilu.gov.cn 2017).

De Grauwe en Zhang (2016:1–6) stel dit dat die GPI ook 'n geo-ekonomiese dimensie bevat, omrede die inisiatief lande in die verskillende streke se ekonomieë en internasionale status bevorder en help met die skep van 'n meer inklusiewe internasionale handelsstelsel. Dit is belangrik om daarop te let dat die inisiatief nie 'n handelsregime is nie, maar 'n losse samevoeging van reëls, regulasies en idees wat handel tussen lande op die roetes wil bevorder.

2.2 Die AVHS se idee oor streeksintegrasie

Een van die agt algemene doelwitte van die ooreenkoms is om uitdagings van lidmaatskap en streeksintegrasie aan te spreek. Artikel 19 van die ooreenkoms verwys spesifiek na die bevordering van dieper integrasie.³ Die AVHS wil streeksorganisasies gebruik om handel regoor die vasteland te fasiliteer. Die AU lê klem daarop dat streeksooreenkomste en ekonomiese gemeenskappe vir dekades lank reeds die fondament van handel in Afrika is. ECOWAS was die eerste organisasie wat in Afrika gestig is om handel binne die streek te fasiliteer. Die Common Market for Eastern and Southern Africa (COMESA) en die SAOG het ook 'n lang geskiedenis in Afrika. Daar is tans 'n oorvloed van streeksooreenkomste en organisasies in verskeie stadiums van politieke en ekonomiese integrasie. Ongeveer 19% van handel regoor Afrika vind tans binne streeksooreenkomste en organisasies plaas, volgens die AU (au.int 2020).

Apiko e.a. (2020) skryf dat die AVHS agt streeksorganisasies, insluitende ECOWAS, SAOG en COMESA, erken. Verteenwoordigers van dié organisasies sit op die algemene sekretariaat van die AVHS in Dakar en het magte om besluite rakende die implementering van AVHS te maak. Die verteenwoordigers stem almal saam dat die integrasie van die verskillende streke in Afrika ekonomiese transformasie en vooruitgang sal aanhelp. 'n Voorbeeld is China se ontwikkeling van Burundi se landbousektor wat gaan help om toegangsroetes met die DRK, Tanzanië en Zambië te vestig. Dit sal lande in die Groot Rifvallei ekonomies nader aan mekaar bring. Afrikalande is geografies deel van een groot handelsarea as gevolg van lande se aanliggendheid. In akademiese terme staan dit bekend as die groot kontinentale verbinding. Die AVHS poog om bilaterale handelsooreenkomste, byvoorbeeld tussen Malawi en Zimbabwe, binne 'n groter streekshandelsraamwerk saam te voeg. Die samestellers van die AVHS is bewus daarvan dat 'n enkele mark in Afrika bereik kan word slegs indien bestaande en toekomstige ooreenkomste geïntegreer word. Die verbinding van streeksooreenkomste en ekonomiese gemeenskappe sal in die finale instansie die wyer integrasie van die AVHS regoor die kontinent bevorder.

3. Die koppeling tussen die AVHS en GPI

3.1 Die rol van die AVHS

Die AVHS sal nuwe geleenthede vir China-Afrika-samewerking skep en benodig die bou van sterk infrastruktuur (xinhaunet.com 2020). Dit is op dié terrein dat Chinese hulp verwelkom word as gevolg van die land se wye ervaring met die oprigting van infrastruktuur tuis en in lande in Suidoos-Asië. China help veral met die bou van brûe, hawens, snelweë en spoorweë. Handel tussen Afrikalande, oftewel interstreekshandel, verteenwoordig tans slegs 17% van alle handel op die kontinent. Die swak verbinding van infrastruktuur tussen streke is een van die hoofredes vir die lae koers in handel.

Vanuit die Afrika-perspektief is daar drie strategieë om te volg wat die GPI en AVHS kan koppel (Ndichu 2020). Eerstens: Identifiseer en bevorder projekte binne die AVHS wat deur die GPI geïmplementeer kan word. Dié strategie kan 'n wen-wen-model vir samewerking wees, omdat die fokus nie slegs gaan wees op die liberalisering van handel nie, maar ook op die GPI se doelwit om infrastruktuur te bou wat die fasilitering van handel kan aanhelp. Tweedens:

Afrika moet projekte bevorder wat nasionale en landelike netwerke deur ekonomiese toegangsroetes verbind. Dit sal internasionale in- en uitvoere fasiliteer en ook verseker dat infrastruktuur nie slegs vir internasionale handel gebruik word nie, maar ook om streeksintegrasie te bevorder. Derdens: Politieke besluitneming op die hoogste vlak is noodsaaklik vir die sukses van inisiatiewe wat oor grense strek. Dit sal beleggers en vennote in staat stel om by programme en projekte betrokke te raak. Hier word verwys na die kommissie van die AU, die Nuwe Vennootskap vir Afrika se Ontwikkeling (NEPAD) en streeksgroeperinge binne Afrika. Die groeperinge staan bekend as streeks- ekonomiese gemeenskappe (Regional Economic Communities, of RECs).

Afrikalande kan jaarliks ongeveer 20 miljoen Amerikaanse dollar verdien deur struikelblokke wat die beweging van goedere en dienste tussen lande beperk, uit die weg te ruim. Voorbeelde wat 'n beperking op verhoogde handel plaas, sluit in: kwotas, buitelandsevalutabeheer, tegniese en administratiewe regulasies, konsulêre formaliteite, inmenging van die staat, voorkeurbehandeling van sekere goedere en dienste, invoerlisensies, handelstruikelblokke, sanksies, invoerbelasting, doeanebeheer, en sanitasieverwante inspeksies. Die verwydering van handelstruikelblokke sal groter internasionale beleggings lok, omdat beleggers in lande met 'n gunstige handelsklimaat wil belê. Verder sal die AVHS Afrikalande se bedingingsmag in internasionale handelsplatforms, soos die WHO, verhoog (Ndichu 2020).

Ighobor (2022) meen dat die sukses van die AVHS grootliks sal afhang van die momentum en bydraes wat lidlande verskaf. Die sterkte van die ooreenkoms lê in die bestaande beleidsraamwerke van die AU asook handelsooreenkomste wat op streeksvlak gesluit word. Beleidsdokumente oor die stigting van Afrika se eie lugvaart- en vervoermark en die protokol vir die vrye beweging van persone is van die ander dokumente wat dryfkrag aan die AVHS verleen. Die AU se strategie om handel te fasiliteer en die ontwikkeling van 'n diensleweringsektor is ander beleidsprogramme wat die effektiwiteit van die AVHS gaan bepaal. Uiteindelik gaan die programme help om vervoer tussen die streke te vergemaklik asook om groter mobiliteit aan mense te bied om oor die kontinent te beweeg. Verder ontwikkel die AVHS die kapasiteit om menslike en natuurlike hulpbronne van ekonomiese gemeenskappe in Oos-Afrika en Wes-Afrika aan te wend om handel te vergemaklik.

3.2 Die rol van die GPI

China voorsien kapitaal en bou infrastruktuur om die AVHS se kapasiteit te verhoog. Nuwe fasiliteite word ook gebou wat industriële produktiwiteit gaan verhoog en beter voorsieningskettings daarstel. China se motivering vir samewerking met die AVHS is om 'n effektiewe en winsgewende handelsarea in Afrika te skep wat voordelig vir alle partye is. Op dié stadium is die skaal nog in China se guns, maar Afrikalande sal ook voordeel trek sodra die AVHS ten volle geïmplementeer is. Die ooreenkomste wat 39 Afrikalande in 2020 vir die bou van GPI-projekte onderteken het, is 'n teken van die verhoogde belangstelling in die inisiatief (vanguard.com 2020).

Gorecki (2020) maak die stelling dat die GPI ten doel het om lande in Afrika deur middel van handel en die bou van infrastruktuur te verbind. Die bou van infrastruktuur is belangrik om vrye kanale vir handel te skep. China is die hoofontwikkelaar van infrastruktuur in Afrika en speel 'n belangrike rol om toegangsroetes vir die vervoer van rou materiale en ander produkte te bou. Volgens Mwareya en Bhobo (2021) het China die standaardspoorlyn in Kenia en die Addis Abeba-Djiboeti-spoorlyn in die afgelope 10 jaar gebou om die hawens van Mombasa

en Dar es Salaam te verbind. Enige land in die wêreld kan die spoorlyn vir kommersiële doeleindes gebruik.

Apiko e.a. (2020) berig dat die China-Mauritius-vryhandelsooreenkoms van 2019 die eerste vryhandelsooreenkoms is wat China met 'n Afrikaland gesluit het. Die ooreenkoms is in werking gestel op dieselfde dag as wat die handel onder die AVHS begin het. Afrika-leiers is hoopvol dat die ooreenkoms as voorbeeld vir die effektiewe inwerkingstelling van die AVHS kan dien. Die implementering van die ooreenkoms sal verder help om besigheidseleenthede tussen China en Afrika te bevorder. Chinese maatskappye is die grootste beleggers in Afrika en die vryhandelsarea gaan die potensiaal vir besigheidsvennootskappe verder verhoog. Afrikalande kan uit ander internasionale handelsgroeperings, byvoorbeeld ASEAN, die EU en die Southern Common Market (MERCOSUR) in Suid-Amerika leer. Die vennootskappe deel tegnologie, kapitaal, menslike hulpbronne en kennis, volgens Apiko e.a. (2020).

Op grond van China se bydraes in die oprigting van infrastruktuur regoor Afrika is die algemene opvatting onder ekonome dat die GPI positief tot die AVHS kan bydra (Fu en Eguegu 2021). Dit sal lei tot ekonomiese groei, werksgeleenthede, die vermindering van konflik en 'n toename in handel tussen streke. Dit vereis egter effektiewe koördinasie tussen die Chinese ministerie van handel en die sekretariaat van die AVHS. Mwareya en Bobo (2021) wys op China se minister van buitelandse sake, Wang Yi, se uitlating in November 2020 dat meer geld bewillig gaan word vir die bou van projekte sodra die Covid-pandemie 'n afname begin toon.

3.3 Metodes wat gebruik word om streeksintegrasie en handel aan te help

3.3.1 Infrastruktuurontwikkeling en ekonomiese toegangsroetes

Volgens Mutethya (2022) bly handel tussen streke in Afrika onderontwikkeld as gevolg van onvoldoende vervoerinfrastruktuur. Waar die meeste lande huiwerig is om in infrastruktuur te belê, is China gewillig om lenings toe te staan. Die GPI is in die eerste plek bekendgestel as 'n inisiatief wat infrastruktuur in streke regoor die wêreld oprig. Voor die aanvang van die Covid-pandemie was verskeie GPI-projekte reeds in Afrika voltooi, byvoorbeeld die Addis Abeba-Djibouti-spoorlyn en die Mombasa-Nairobi-standaardspoorlyn. Ten spyte van beperkinge wat die globale pandemie op die voorsiening van mannekrag en materiale plaas, is Afrikaregerings vasbeslote om projekte te voltooi. In sub-Sahara-Afrika is daar steeds 600 miljoen mense wat nie toegang tot elektrisiteit het nie en ongeveer 'n derde van mense in landelike gebiede se paaie is swak ontwikkel (Mutethya 2022).

Die Afrika-ontwikkelingsbank raam dat die vasteland 130 tot 170 miljard Amerikaanse dollar jaarliks nodig het om infrastruktuur te ontwikkel (Ndichu 2020). China speel hier 'n groot rol om projekte te befonds, en danksy die GPI word vordering met ekonomiese ontwikkeling gemaak. Die Trans-Afrika-snelweg is tans die mees ambisieuse projek wat China in samewerking met die AU beplan. Die netwerk van paaie gaan meer as 56 000 km beslaan, en wanneer dit voltooi is, die hele Afrika se lande met mekaar verbind. Van waarde is dat die padnetwerk 'n stap is om die fisiese integrasie van streke in Afrika aan te help. Terwyl ander lande ook finansiële bydrae om die projek te ondersteun, is China die hoof finansierder (Mutethya 2022).

Volgens die inligtingskantoor van die Chinese regering word meer as 1 100 projekte steeds voortgesit (xinhuanet.com 2020). Voorbeelde van waar werkers in hulle poste gebly het tydens

die pandemie is die nasionale snelweg van Nairobi, die internasionale lughawe Jomo Kenyatta en die Lamu-hawe in Kenia. In Senegal word voortgegaan om die Foundiougne-brug, die langste brug in Wes-Afrika, te bou. Nog 'n GPI-projek is die bou van 'n nuwe administratiewe stad in Egipte wat amper voltooi is. Die nuwe stad, wat 700 vierkante kilometer beslaan, sal na verwagting 6,5 miljoen mense asook die land se parlement, regeringsagentskappe, ambassades en ministeries huisves. Chinese banke het die meeste van die finansiering verskaf vir die nuwe stad wat na verwagting verkeer vanaf Kaïro sal herlei (Mutethya 2022).

Tydens die agtste ministeriële konferensie van die Forum vir China-Afrika-samewerking in Senegal in November 2021 het China hom daartoe verbind om verder te belê in die ontwikkeling van Afrika se infrastruktuur. 'n Uitvloeisel van die vergadering was dat die AU-kommissie in Desember 'n memorandum van verstandhouding (MvV) met China onderteken het. Die MvV beklemtoon die ontwikkeling van sektore soos gesondheid, voedselsekerheid, infrastruktuur en energie. Verder is die aandag op die opgradering en bou van hawens gevestig wat die streke fisies kan integreer en Afrika met wêreldmarkte kan verbind. Daar is ongeveer 46 bestaande of beplande haweprojekte in Afrika suid van die Sahara waar die GPI betrokke is (economist.com 2022).

Met die bekendstelling van die GPI in 2015 het China onderneem om ekonomiese toegangsroetes in Afrika te help ontwikkel, veral om paaie wat in onbruik geraak het, op te gradeer en ook nuwe snelweë te bou. Dit sluit die opgradering van bestaande toegangsroetes in, byvoorbeeld die Burkina Faso-Senegal oostelike verbypad en die bou van die Ghana-snelweg tot by die hawe van Tema. Chinese kapitaal, mannekrag, advies en sekuriteit word ook gebruik om ekonomiese toegangsroetes in Afrika te help ontwikkel. Dit sluit in die Magreb-snelweg, die Nyl-toegangsroete, die Djiboeti-Addis Abeba-spoorlyn en ekonomiese toegangsroetes in die DRK. Laasgenoemde toegangsroete verbind die hawe van Dar es Salaam met die binneland van Tanzanië, Ruanda, Burundi en die oostelike dele van die DRK (Ndichu 2020).

3.3.2 Die fisiese integrasie van infrastruktuur en streke

Volgens Tomassium (2009) is die fisiese integrasie van kleiner organisasies in 'n groter organisasie een van die metodes wat gebruik word om streeksintegrasie te bevorder. In Suid-Amerika het The Community of Latin American and Caribbean States (CELAC) kleiner organisasies binne die organisatoriese struktuur van CELAC geïnkorporeer om gesamentlike ekonomiese en handelsdoelwitte na te streef. Die vraag is of die GPI kan help om fisiese integrasie in Afrika aan te help en op watter manier die AVHS daarby baat vind. Teen die einde van 2020 was daar nog groot gapings in die ontwikkeling van infrastruktuur in Afrika. Die GPI het nuwe stoom in die hele ontwikkelingsinisiatief geblaas deurdat meer infrastruktuur in die laaste vyf jaar opgerig is as in die periode vanaf 2005 tot 2015. Dit dui op 'n groei in die voorsiening van vervoerstelsels, byvoorbeeld nuwe snelweë, spoornetwerke en hawens en die beskikbaarheid van logistieke dienste soos verspreidingsentrums, kleiner pakhuisse en afleweringspunte. Die integrering van dié projekte in bepaalde streke is egter 'n probleem en dit is toe te skryf aan die afwesigheid van 'n oorkoepelende bestuursbenadering (Tomassium 2009).

Die klem is te veel op regulering en finansiering en nie op beplanning en uitvoering nie. Dit word gesien in spoorlynprojekte in Kenia en Ethiopië wat lank vertraag is weens burokratiese rompslomp en afhange van watter party die projekte moet bestuur. Die GPI is ook 'n meganisme om sosiale kohesie in die verskillende streke van Afrika te bevorder. Dit het

byvoorbeeld al in 'n groot mate tot die vloei van mense oor grense in Oos-Afrika bygedra. Waar die vervoerstelsels in Kenia en Ethiopië voorheen stadig en tydsaam was, het die bou van die nuwe spoorlyne reistyd tussen die streke aansienlik verkort (Tomassium 2009).

'n Berig op vanguard.com (2020) wys op die groei van besigheidsvennootskappe in Oos-Afrika. GPI-infrastruktuurprojekte help nie slegs om ekonomieë te verbind nie, maar ook om sosiale kapitaal te versprei. Dit is veral waarneembaar in lande waar die bevolking aan besluite oor ekonomiese ontwikkelingsprojekte deelneem. In Kenia het burgerlike groepe 'n impakstudie uitgevoer om die sosiale effek van die bou van die Lamu-hawe onder die bevolking vas te stel. Die hawe is 'n GPI-projek wat deur China Communications Construction Company gebou is om 'n toegangsroete tussen Kenia, Ethiopië en Suid-Soedan te skep. Die infrastruktuur wat deur die GPI gebou word, kan die lande in die streek verder help om hulle ekonomieë te internasionaliseer. Alhoewel sekere lande in Afrika met ander lande in die wêreld kan meeding, veral in die voorsiening van natuurlike hulpbronne, is die ontwikkeling van spesialismarkte en mededingende voordeel nog nie op standaard nie. In hierdie verband is die integrasie van infrastruktuur 'n hoofprioriteit van die AVHS. Die integrering van fisiese infrastruktuur soos paaie, spoorlyne, hawens en energie- en telekommunikasienetwerke kan die lande toelaat om as 'n enkele eenheid saam te werk.

Ten opsomming word gesê dat die fisiese integrasie van infrastruktuur om die volgende redes belangrik is: Eerstens word ekonomiese groei deur die bou van netwerke bevorder; tweedens word sosiale eenheid deur die bou van toegangsroetes verhoog; derdens help infrastruktuur om kommunikasiekanale te skep wat dialoog vir eenheid, ontwikkeling en vrede bevorder; vierdens word handelsgeskille tussen lande in die streek gesamentlik opgelos; vyfdens word besluite geneem wat al die lande in die streek bevoordeel; en laastens word die deelname van plaaslike regerings en die private sektor aangemoedig. Die idee om streke in Afrika fisies te integreer bestaan al vir dekades, maar as gevolg van swak beplanning, gebrek aan befondsing en koördinasie het die inisiatief nooit werklik op dreef gekom nie. Met die bekendstelling van die GPI is fisiese integrasie as doelwit gestel en is honderde projekte reeds voltooi.

4. Insigte uit die politieke ekonomie van handel en streeksintegrasie

Dié afdeling steun op insigte uit die politieke ekonomie van handel en streeksintegrasie om die koppeling tussen die AVHS en die GPI aan te dui. Weens die feit dat die AVHS slegs in die beginfase van implementering is, word 'n voorspellende benadering gevolg om areas waar moontlike koppeling plaasvind, uit te lig. Die insigte lewer wel 'n positiewe bydrae om die twee inisiatiewe te versoen en skep ook die verwagting by China en Afrika dat hulle wedersydse voordeel kan trek. Hierdie afdeling is opgedeel in subtemas om 'n sistematiese ontleding weer te gee.

4.1 Insigte met betrekking tot streeksintegrasie

4.1.1 Ekonomiese streeksintegrasie

Die GPI is 'n belangrike middel om vertrouwe en politieke doelwitte te bevorder. In samewerking met die politieke en ekonomiese wil van beide China en lande in Afrika kan die inisiatief tot ekonomiese ontwikkeling en sekuriteit bydra. Maar dit is belangrik dat lande saamwerk in sake

van gemeenskaplike belang en dat hulle ook strategiese vennootskappe sluit. Ravenhill (2011:25) merk op dat ASEAN die direkte gevolg was van lande in die streek se bereidwilligheid om ekonomiese samewerking te bevorder en konflik te vermy.

Lande in Afrika kan van ASEAN leer en 'n geïntegreerde mark skep waar algemene goedere en dienste verhandel word. Die onderliggende doelwit vir dié markintegreering is om die ekonomiese doelwitte van die GPI met die doelwitte van lande op die roetes te integreer. Dit sal help om vertroue tussen die lande wat botsende belange en doelwitte het, te skep. Tiezzi (2021) stel dit duidelik dat die Forum vir China-Afrika-samewerking die belangrikste platform is waar ekonomiese doelwitte tussen China en Afrikalande onderhandel word. Samewerking tussen lidlande kan help om China se visie van 'n gedeelde toekoms vir alle Afrikalande te laat realiseer.

Die uitbreiding van die GPI in Afrika het ook ten doel om China en Afrika se belange te beskerm en eksterne bedreigings die hoof te bied. Die bedreigings kan inmenging van ander sterk ekonomiese lande insluit, soos Amerika, Japan en lande in die Midde-Ooste. Die lande mag dalk poog om sterker handelsbande met Afrikalande te sluit, volgens Yachyshen (2020).

4.1.2 Streeksintegrasie as 'n middel om sekuriteitsvennootskappe te vestig

Rana en Ji (2020) is van mening dat streeksooreenkomste strategiese vennootskappe versterk en tot die skepping van effektiewe handelsnetwerke lei. Die Chinese onderhandelingsstrategie omsluit 'n poging om die doelwitte van vennote binne 'n breër raamwerk saam te vat. Dit sal die multilaterale karakter van die AVHS bevorder, ekonomiese groei bevorder, werksgeleenthede skep en die mark help uitbrei. Die uitbreiding van die mark sal tot 'n toename in kliënte en klante vir plaaslike besighede lei. Dit sluit aan by die oproep van ekonome dat Afrika moet poog om skaalbesparings te ontwikkel om mededingend met die res van die wêreld te raak (Prasad 2021). *Skaalbesparings* verwys na die verskynsel waar die gemiddelde koste om 'n eenheid te vervaardig afneem met die toename in die vervaardigingsvolume van die eenheid. 'n Voorbeeld is massavervaardiging van slimfone teen 'n lae koste en die verspreiding van die slimfone na 'n groter mark. China doen dit reeds met die verkope van duisende goedkoop slimfone in die Afrikamark. Die twee gewildste handelsmerke teen die einde van 2021 was Transsion Holdings se Tecno en Xiaomi (global.chinadaily.com.cn 2021). Daar is natuurlik ander faktore, soos kwaliteit, verspreiding, risiko, logistieke koste en goedkoper kapitaal wat hier 'n rol speel. Die punt is dat skaalbesparings vervaardigers in Afrika kan help om die Chinese mark te bereik. Dit sal winste opstoot en handelsmerke in China vestig.

Arduino en Gong (2018) skryf dat ekonomiese integrasie deur middel van sekuriteitsnetwerke opgradeer kan word. Die moontlikheid bestaan egter dat onderontwikkelde lande, voortslepende konflik en terroristegroepe markintegrasie kan vertraag. Onderontwikkelde lande het byvoorbeeld swakker strukture van grensbeheer; voortslepende konflik maak dit onveilig om handel in die streek te bedryf; en terroristegroepe is dikwels daarop uit om voorsieningskettings en kommunikasielyne te ontwrig (Mely 2016:15–20). Verder is daar nietradisionele sekuriteitsbedreigings wat samewerking mag belemmer. Dit sluit in: die vernietiging van die omgewing, onwettige immigrasie, georganiseerde misdaad, dwelmhandel en handel in verbode diereprodukte. Die koppeling van dié vraagstukke met die sekuriteitsdoelwitte van die GPI kan egter indirek tot ekonomiese ontwikkeling in die streek bydra. Dit is omdat sekuriteit op die GPI-roetes 'n top prioriteit vir die Chinese regering is en omdat sterker lande sal wil toesien dat bedreigings tot 'n minimum beperk word.

4.1.3 Streeksintegrasie as 'n middel om onderhandelingsmag te verkry

Die onderhandelingsmag van vennote kan verder versterk word indien hulle konsensus bereik oor die ekonomiese-ontwikkelingsprojekte wat deur China en die AVHS-sekretariaat voorgestel word. Die doelwit is om 'n sisteem te ontwikkel waar alle vennote voordeel kan trek uit samewerking en wat lande wat ekonomies sterker is, verhoed om absolute voordeel te trek. *Absolute voordeel* in IPE verwys na die vermoë van state om meer en beter goedere en dienste as mededingers te lewer. Die teenoorgestelde begrip is *vergelykende voordeel*, wat verwys na die vermoë van state om goedere en dienste teen 'n laer koste te produseer en nie noodwendig groter volumes en beter kwaliteit nie. Die AVHS spoor Afrikalande aan om mededingende handelsvoorwaardes met die res van die wêreld te beding, en daarvoor is die formulering en implementering van vergelykende strategieë belangrik. Die onderhandelingsmag van Afrikalande in internasionale organisasies word ook versterk deur met China saam te werk. Afrika-regerings is onder andere goed verteenwoordig in die WHO en WGO. Dit is grootliks omdat hulle China se posisie met betrekking tot internasionale vraagstukke in die organisasies ondersteun. Hulle word met ander woorde beloon vir die ondersteuning van China se beleidsposisies. Om die punt verder te staaf, word verwys na die Chinese ministerie van handel se verklaring in 2020 dat vennootskappe met eendersdenkende Afrika-regerings hulle onderhandelingsmag in die WHO kan verhoog (english.mofcom.gov.cn 2020).

4.1.4 Streeksintegrasie as 'n middel vir hervormings

Li (2019) verduidelik dat die ondertekening van handelsooreenkomste ten doel het om hervormings van ekonomiese strukture van stapel te stuur. Verder help buitelandse beleggings Afrikalande om ekonomies te groei. Afrikalande kan besluit watter beleggings nodig is om ekonomiese groei te stimuleer. Beleggings wat deur die GPI gekanaliseer word, is tans ook meer aantreklik as beleggings wat deur ander internasionale organisasies soos die Organisation for Economic Co-operation and Development (OECD) en die New Development Bank of BRICS (Brasilië, Rusland, Indië, China Suid-Afrika) gekanaliseer word, volgens Shinn en Eisenmann (2020). Die bou van infrastruktuur en die ontwikkeling van programme vir die fasilitering van handel tussen streke is areas waar beleggings verwelkom word. Spesifieke rekenaarprogramme word ontwikkel om die vervoer van goedere en dienste te bestuur (Shinn en Eisenmann 2020).

4.1.5 Ekonomiese motiverings vir streeksintegrasie

Ravenhill (2011:35–40) identifiseer twee opsies vir ekonomiese streeksintegrasie. Die eerste is waar regerings 'n streeksooreenkoms om suiwer ekonomiese redes sluit. Dié ooreenkoms poog om 'n ope ekonomiese beleid met lande in die streek te hê. Die tweede is waar regerings 'n streeksooreenkoms verkies in plaas daarvan om die status quo te handhaaf. Die AVHS val onder die eerste opsie, aangesien dit 'n poging is om lande in Afrika vir ekonomiese doeleindes binne een handelsnetwerk te integreer. Die Chinese regering bemark die GPI ook as 'n inisiatief wat handel en ekonomieë regoor die wêreld verbind (Ohashi 2018:90–5). Die handhawing van die status quo is nie 'n opsie nie. Slegs deur die eerste opsie te volg kan ekonomieë binne bepaalde streke beskerm word en kan hulle in 'n mededingende wêreld oorleef.

Terwyl dit waar is dat 'n proteksionistiese ekonomiese beleid ook welvaart vir die land kan skep, mag lande op die GPI-roetes besluit om die Chinese model van oop en vrye handel te volg. Alle lande kan dan in die welvaart van een geïntegreerde ekonomiese mark deel (Phiri en

Mungomba 2019:4–6). Ekonomiese ooreenkomste is ook aantreklik vir belangegroepes soos landbouverenigings, nywerhede en die diensleweringsektor. Streeksorganisasies dra die gemeenskaplike belange van die groepe op die hart, gee hulle blootstelling aan 'n groter mark om hulle goedere en dienste te verkoop, en reguleer die reëls en regulasies vir die handel binne die streek. Mededinging tussen plaaslike markte lei ook tot hervormings wat die handelsektor aan internasionale mededinging blootstel (Gu en Qiu 2019:90–1).

Phiri en Mungomba (2019:8–10) wys daarop dat vryhandelsooreenkomste nie slegs reëls en regulasies oor tariewe en die verwydering van struikelblokke wat handel belemmer bevat nie, maar ook die handelsomgewing reguleer. Handel word geregleer deur die skep van 'n omvattende beleid oor mededinging, die beskerming van beleggers se regte, die vasstelling van standaarde vir produkte, die bepaling van reëls van oorsprong, deelname van die publiek aan die onderhandelingsproses, die beskerming van intellektuele-eiendomsregte en die vasstelling van gelyke mag tussen al die onderhandelaars.

Die sluit van handelsooreenkomste met China help Afrikalande ook om groter bedingingsmag in die WHO te verkry. Daar is tans 44 Afrikalande wat lede van die WHO is. Die lande se bekragtiging van handelsooreenkomste kan die proses van dieper ekonomiese integrasie in Afrika aanhelp. Die Comprehensive Trans-Pacific Partnership (CTPP) dien tans as voorbeeld van hoe lande kan saamwerk om dieper ekonomiese integrasie te bewerkstellig. Die CTPP is 'n vryhandelsooreenkoms tussen Australië, Broenei-Daessalan, Kanada, Chili, Japan, Meksiko, Peru, Nieu-Seeland, Singapoer en Viëtnam en het in 2018 in werking getree. Lande in die Asië-Pasifiese streek staan dieselfde beperkings op die vrye verloop van handel in die gesig. Die CTPP maak dit makliker vir lidlande om handel te fasiliteer. Afrikalande kan in hierdie opsig die CTPP as model gebruik om die ekonomiese speelveld op die kontinent gelyk te maak en lidlande se ekonomiese regte en bedingingsposisies te beskerm (Phiri en Mungomba 2019:12–5).

Mwareya en Bhobo (2021) lê klem daarop dat Afrikalande nie oor sterk bedingingsmag in die internasionale politieke ekonomie beskik nie. Hulle word dan met die keuse gelaat om te kies tussen 'n handelsooreenkoms op streeksvlak of 'n handelsooreenkoms op internasionale vlak. Die twee opsies vir ekonomiese streeksintegrasie hier bo genoem, het betrekking op die tipe ooreenkoms wat hulle gaan sluit. Is dit om die status quo te handhaaf en minder geleenthede vir ekonomiese groei te skep? Lande wat ernstig is oor die welvaart van alle lande in die streek sal dié opsie buite rekening laat. Die handhawing van die status quo neig ook om sterker ekonomieë in die streek ten koste van die swakker ekonomieë te bevoordeel. Dit is nie wat China met die GPI beplan nie en nóg minder wat die doelwitte van die AVHS omsluit. Alle lande op die roetes moet uiteindelik deel in die sukses van die AVHS. Die GPI moet aanvullend tot die realisering van die AVHS se doelwitte wees.

Dit bring lande by die tweede opsie, om 'n streeksooreenkoms te oorweeg. Ravenhill (2011:45) maak die stelling dat die doel van streeksooreenkomste die nastrewing van politieke en ekonomiese voordele vir al die lande in die streek is. China wil byvoorbeeld handelsreëls en -regulasies met Afrikalande verslap om groter afsetgebiede vir sy goedere en dienste te verkry. Aan die ander kant gaan Afrikalande ook groter toegang tot die Chinese mark kry. Dié kwessies is in 2021 bespreek tydens die Forum vir China-Afrika-samewerking in Dakar (Ighobor 2022). Verder het 'n streeksooreenkoms twee voordele bo 'n bilaterale of status quo-ooreenkoms. Dit skep eerstens 'n groter mark vir plaaslike nywerhede om hulle goedere en dienste te verkoop en skaalbesparings te ontwikkel, en tweedens het 'n streeksooreenkoms die potensiaal

om meer beleggers te lok as gevolg van die groter verskeidenheid van goedere en dienste waarin opbrengste vermeerder kan word (Ravenhill 2011:45).

Die GPI help verder met bou van infrastruktuur wat die vervoer van goedere en dienste binne streke sal bevorder. Dit het die voordeel dat beleggers in plaaslike nywerhede belê, wat 'n gunstige klimaat vir industrialisasie en verhoogde produksie skep. Die ontwikkeling van skaalbesparings speel hier 'n rol om dieper integrasie aan te help en groter markte te ontwikkel. Indien die koste om 'n eenheid te vervaardig afneem oor 'n spesifieke periode en die vraag na die eenheid toeneem, sal die skaal van vervaardiging toeneem. Dit is in dié verband waar die GPI met sy fokus op die bou van infrastruktuur en verbinding van handelsroetes en die AVHS met sy fokus op die daarstelling van 'n kontinentale handelsmark 'n simbiotiese verhouding ontwikkel. Volgens Phiri en Mungomba (2019:16–8) het die GPI die potensiaal om plaaslike ekonomieë in groter infrastruktuurontwikkelingsprojekte te inkorporeer en die winste van al die lidlande te verhoog.

Aan die ander kant is dit belangrik dat al die lande in die streek saamwerk om struikelblokke vir die vervaardiging en verspreiding van produkte uit die weg te ruim. Indien een land byvoorbeeld onwillig is om saam te werk, sal dit die winsvoordeel van die ander lande beïnvloed. As voorbeeld kan gekyk word na die belemmerende invloed wat in- en uitvoerbelasting van individuele lande op die verspreiding van goedere en dienste in die totstandkoming van 'n handelsooreenkoms in ASEAN gehad het. Die probleem is oorkom nadat Thailand en Maleisië ingestem het tot die hef van 'n gelyke belastingtarief op alle produkte wat oor die grense van ASEAN-lande beweeg. Die AVHS in sy beginfase kan uit die handelsooreenkoms van ASEAN leer. Die unifikasie van die streeksmark is daarom uiters belangrik om die belange, bepalinge en voorwaardes van al die lidlande te verteenwoordig (Mwareya en Bhubo 2021).

Chinese beleggings gaan veral van waarde wees indien besighede fokus op die vervaardiging van komponente wat in 'n groter eenheid opgeneem word, byvoorbeeld elektroniese of meganiese onderdele. Die proses van diversifisering is doeltreffend om al die besighede binne 'n sekere nywerheidssektor in 'n netwerk van vennootskappe saam te bind. In geïndustrialiseerde lande word dié besighedmodel met sukses aangewend om besighede te verbind, verhoudinge op te bou en voorsieningskettings te laat vloei. 'n Verwante strategie is die bou van verspreidingsnawe of -sentrums ("hubs") wat plaaslike ekonomieë met mekaar verbind (oecd.org 2018). China het reeds 'n groot aantal streeksnawe op GPI-roetes binne Asië opgerig wat kleiner vervaardigers met mekaar verbind. Dit is meer as enige ander ontwikkelende land en kan dien as voorbeeld vir wat in Afrika gedoen kan word. Die groot voordeel is dat die nawe as afspringplek dien vir toegang tot die Chinese mark (oecd.org 2018).

Arkebe en Lin (2019:25–30) voer aan dat die mededingende voordeel wat China tuis in arbeid- en kapitaalintensiewe produksie geniet, met sukses in Afrika aangewend kan word. Duisende tydelike werkers van China is in GPI-projekte, die bou van infrastruktuur en ander ekonomiese-ontwikkelingsprojekte werksaam. 'n Groot aantal van die projekte word in samewerking met Afrika-vennote uitgevoer en die ooreenkoms is gegrond op wedersydse voordeel. Gemeenskappe in Afrika deel egter nie altyd die beleid en siening van hulle onderskeie regerings nie en beskou China steeds as wener en Afrikalande as die verloorders. Aan die ander kant is China se fokus op die bou van kapasiteit en die deel van kennis en vaardighede besig om Afrikagemeenskappe te bemagtig. Op dié manier word die ekonomie met die nodige mannekrag en kapitaal toegerus. Afrika is ryk aan natuurlike hulpbronne wat in die ekonomiese behoeftes van China voorsien. Die GPI se bou van infrastruktuur vergemaklik die verspreiding

van dié kommoditeite. Na meer as twee dekades is die vraag na natuurlike hulpbronne steeds 'n belangrike rede vir China se betrokkenheid in Afrika. Die vraag sal nie verander solank daar 'n aanbod is nie (Arkebe en Lin 2019:25–30).

Landry (2018) wys op die waarde wat die GPI het om die werkloosheidsprobleem vir plaaslike en migrantewerkers in lande waar infrastruktuur opgerig word, te verlig. Daar is natuurlik baie vrae oor die wyse waarop die werkers hanteer word, spesifiek ten opsigte van die skending van werkers se regte. Dit sluit in loongeskilte, gespanne werksomgewings, haglike woontoestande en lang werksure. Wetgewing van lande in Oos-Afrika en Wes-Afrika maak byvoorbeeld nie voorsiening daarvoor om Chinese maatskappye wat kontrakte verbreek, te vervolg nie. Dit het reeds tot groot ongelukkigheid onder plaaslike bevolkings en werkers oor China se oprigting van BRI-projekte gelei. Aan die ander kant befonds Chinese staatsbanke en banke in Asië meer as die helfte van die GPI-projekte, en as gebaar van vriendskap en erkenning ondersteun Afrika-regerings China in die WHO. Die nadeel van die verhouding is dat China in 'n sterker posisie verkeer om handelsreëls te verander en ekonomiese manipulasie uit te oefen.

Van die belangrikste doelwitte van die AVHS is om die vrye beweging van goedere en dienste in Afrika te bevorder, nywerheidsspesialisasie aan te moedig en hulpbronne effektief aan te wend. Daar word natuurlik ook aanbeveel dat Afrikalande meer mededingend in die globale mark moet raak deur die beginsel van vergelykende voordeel of vergelykende koste aan te neem. Ten opsigte van die AVHS kan vergelykende voordeel handel tussen lede en nielede op 'n gelyke basis bevorder. Die oprigting van spesiale ekonomiese sones (SES'e) is 'n area wat deur Kuhlmann en Agutu (2020) uitgelig word om handelsreëls en -regulasies in werking te stel, produksie-uitsette te verhoog en handel te laat vloei. Voorbeelde van faktore wat die vloei van handel verhoog is die beweging van arbeiders tussen streke. Dit beteken nie die onbeperkte beweging van arbeiders tussen lande in 'n bepaalde streek nie, maar indiensneming van geskoolde en ongeskoolde arbeiders met die toepaslike kwalifikasies en dokumente.

Die werwing en opleiding van tegniese kundiges, ingenieurs, boukontraakteurs, argitekte en rekenaarspesialiste is belangrik om industrialisasie in Afrika te verhoog. Die AVHS-beleidsdokument wys daarop dat industrialisasie Afrika mededingend met die res van die wêreld kan maak. Die vrye beweging van kapitaal tussen die streke van Afrika is ook nodig om in projekte en die aanbod van finansiële dienste te belê. China beklee steeds die top posisie as die grootste buitelandse belegger in Afrika. Teen die einde van 2020 het China 2,07 miljard Amerikaanse dollar in Afrika vir GPI-projekte belê. Dit is bykans 30% meer as tydens die prepandemie periode vir 2019 (china.org.cn 2021).

China het 'n verskeidenheid van SES'e ontwikkel, naamlik nywerheidsontwikkelingsgebiede, vryhandelareas, en sones vir die verwerking van uitvoerprodukte. Die ontwikkeling van SES'e het 'n beduidende rol gespeel in die groei van China se ekonomie oor die laaste dekades. Dit word bereken dat die sones teen die einde van 2020 tot 22% van die BNP, 46% van direkte buitelandse beleggings, 60% van uitvoere en die skep van meer as 30 miljoen werksgeleenthede bygedra het (infomineo.com 2021). Die dryfveer agter die bou van die sones was om werksgeleenthede vir miljoene Chinese burgers te verskaf en hulle lewenstandaarde te verbeter. Programme is ontwikkel om in die behoeftes van 'n spesifieke area te voorsien, byvoorbeeld die vroeë fokus op vervaardiging en die totstandkoming van kleinhandelnywerhede (infomineo.com 2021).

Die AVHS, wat in sy beleidsraamwerk voorsiening maak vir die bou van meer SES'e, kan van China oor die lewensvatbaarheid van die sones leer. 'n Belangrike vraag is of die sones wel binne die ontwikkelingsdoelwitte van die land val. China se SES'e is ontwerp om plaaslike struikelblokke, soos opleiding van ongeskoolde werkers in basiese besigheidsvaardighede, die aanvraag van die mark en logistieke probleme, te oorkom. Regdeur die ontwikkeling van China se SES'e is groot bedrae geld aan die bou van infrastruktuur, elektrisiteitsnetwerke en vervoer- en kommunikasienetwerke spandeer. Dit is alles faktore wat die AVHS in ag moet neem om die SES's as areas vir die vloei van goedere en dienste te bevorder (infomineo.com 2021).

Die EU het tot stand gekom as gevolg van lande in die streek se strewe na die skep van 'n enkele, geïntegreerde mark. In Afrika is die situasie egter anders, omdat die AVHS nou eers in die eerste fase van implementering is en dit nog 'n geruime tyd kan duur voordat die liberalisering van handel afgehandel is. Integrasie binne streeksverband in Afrika is die eerste keer in 1978 voorgestel toe onderhandel is oor die daarstelling van 'n voorkeurhandelsgebied in suidelike Afrika (au.int 2020). Streeksorganisasies werk saam met die AU om vrede, sekuriteit, ontwikkeling en goeie regering van AU-lidlande te koördineer. Die AU erken agt ekonomiese streeksorganisasies. Dit sluit in: die Arabiese Maghreb Unie (UMA), COMESA, die Gemeenskap van Sahel-Sahara State (CEN-SAD), EAC, ECOWAS, die Interregerings-gesagsliggaam op Ontwikkeling (IGAD)², en die SAOG. Die Staandemagkoördinerings-meganisme van Oos-Afrika (EASFCOM) en die Afrika-Streekskapasiteitsmeganisme (NARC) het ook skakelkantore by die AU (au.int 2020).

4.1.6 Ander insigte en teoretiese argumente

Landry (2018) berig dat China se pogings om die GPI as 'n middel vir die integrasie van streke te gebruik, in wese ook gebaseer is op politieke en ekonomiese oorwegings. Voorbeelde is deelname aan vredesendings, Afrikalande se ondersteuning vir China in die VN en WHO, die Een-China-beleid en militêre betrokkenheid. Dit is alles faktore wat dié land se internasionale posisie en bedingingsmag verhoog. Dié faktore het 'n groot rol gespeel in die besluit van 52 Afrikalande om GPI-samewerkingsooreenkomste teen die einde van 2021 te teken. Die gemeenskaplike faktor is samewerking en 'n gevoel van samehorigheid. Afrika-leiers beskou die GPI ook as 'n projek wat Suid-Suid-ontwikkeling bevorder en aanvaar dat China 'n verbintenis het om dié lande ekonomies op te hef. As gevolg van die lang geskiedenis van China se ekonomiese hulp aan Afrikalande word die GPI gesien as 'n projek wat China se betrokkenheid in Afrika 'n legitieme karakter gee (Landry 2018).

Neo-institusionalisme is 'n ander teoretiese raamwerk wat deur ekonome gebruik word om streeksintegrasie en vrye handel te verduidelik (Gilpin 2011:344–6). Voorstanders van die neo-institusionalistiese benadering voer aan dat streeksorganisasies tot stand kom om handelstekort-kominge uit die weg te ruim, beleid, reëls en regulasies te koördineer en struikelblokke wat in die pad van integrasie staan te elimineer. Die uitgangspunt is dat die AVHS dieselfde doelwitte gaan nastreef en ook aansporings vir Afrikalande gaan skep om internasionale vennootskappe aan te gaan. Samewerking met China is van uiterste belang om internasionale handelsbelange te bevorder. Daar is tans 'n verskeidenheid meganismes wat samewerking tussen China en Afrika fasiliteer. Een van die meganismes is die China-AU-Koördineringsmeganisme vir die implementering van die GPI. Dié meganisme is die eerste keer in 2018 by die Forum vir China-Afrika-samewerking voorgestel en formeel aangeneem met die ondertekening van 'n memorandum van verstandhouding (MvV) in Addis Abeba op 13 Desember 2021. Amptenare van die Chinese regering en die AU het die MvV onderteken (fmprc.gov.cn 2021). Ten spyte

van die algemene beleidsraamwerk om die GPI in Afrika te bevorder, maak die MvV voorsiening vir samewerking vir die bou van projekte. Afrika-regerings het nou inspraak in die bouproses wat 'n nuwe era van institutionalisering tussen China en die AU inwy. Die meganisme is verder van waarde omdat dit kanale verskaf om met die sekretariaat van die AVHS in Dakar te onderhandel. Die gesamentlike ontwerp van projekte, die bestuur van logistiek, die skep van konsultasie- en gespreksforums en die gesamentlike implementering van programme en aksieplanne is alles deel van die nuwe rigting van samewerking tussen China en Afrika (fmprc.gov.cn 2021).

Realisme is van waarde om die politieke leierskap van China in die integrasieproses te verduidelik (Bora en Meissner 2020). Die veronderstelling is dat 'n proses van politieke en ekonomiese integrasie slegs deur sterk leierskap van een of meer lande verkry kan word. China as die leier van die GPI is bereid om sy mag en invloed te gebruik om die integrasieproses te bevorder. Die ekonomiese en politieke integrasieproses kan deur die leierskapsrol van China gefasiliteer word as gevolg van dié land se uitgebreide belange op die kontinent en kapasiteit om streeksintegrasie te bevorder. Voorbeelde van waar China as leier optree om streeksintegrasie te bevorder is die China-ASEAN Free Trade Area (CAFTA) en die Regional Comprehensive Economic Partnership (RCEP). Ekonomiese konsessies wat streeksintegrasie bekragtig, mag dalk slegs aan lande wat aan die GPI deelneem toegestaan word. Lande wat 'n Chinees-gesentreerde ekonomiese netwerk teenstaan, gaan nie in oorweging geneem word nie. Individuele Afrikalande het hulle eie handelsbelange wat saam met dié van China gekombineer kan word in 'n gemeenskaplike poel van belange. Dit neem die fokus weg van China se staatsgesentreerde ambisies (Bora en Meissner 2020).

Neoliberalisme is 'n filosofie wat vrye handel en beleid wat vrye handel moontlik maak, ondersteun. Volgens neoliberaliste bevorder vrye handel ekonomiese groei, verminder dit armoede, skep dit mededinging in die mark as gevolg van vergelykende voordeel, gee dit verbruikers meer keuses tussen produkte in die mark, en is dit noodsaaklik vir vryheid (Gilpin 2001:350–1). Die uitgangspunt is dat regerings nie handel tussen twee of meer partye mag verbied nie. Neoliberaliste is ook van mening dat proteksionisme skadelik vir verbruikers is omdat verbruikers geforseer word om hoër pryse vir goedere en dienste te betaal, regeringsbronne misbruik, beleggings verkeerd aangewend word, kreatiwiteit onderdruk en sekere industrieë bo ander bevoordeel word (Tribe 2021).

Die eerste fase van die GPI fokus op die bou van infrastruktuur, terwyl die implementeringsfase van die AVHS nou in werking is. Ander vorme van ekonomiese integrasie, soos 'n doeanunie en 'n enkele mark, is areas waar Chinese bystand die sukses van samewerking gaan bepaal. Streeksintegrasie is 'n belangrike komponent om die ekonomieë van deelnemende lande te versterk. Een van die aspekte wat uitstaan, is dat Afrikalande die vermoë kan ontwikkel om mededingend op die internasionale ekonomiese terrein te wees. Alhoewel China op die versterking van bilaterale handels- en beleggingsverhoudinge fokus, is die poging ook om streeksintegrasie te versterk. Dit sal China en sy Afrika-vennote in staat stel om ekonomies saam te ontwikkel en help om groter bedingingsmag in internasionale ekonomiese onderhandelinge te verkry.

Neofunksionalisme prioritiseer die algemene aksies en doelstellings van lande binne 'n streek om 'n geïntegreerde ekonomiese eenheid of politieke entiteit te vorm. Die lede van die streek moet instellings skep wat samewerking voorstaan en die belange van al die lede verteenwoordig. Die belange kan polities, ekonomies, kultureel of sosiaal van aard wees. Die

neofunksionaliste argumenteer dat die wil van lande om saam te werk nie genoeg is om integrering te bewerkstellig nie. Dit is ook die taak van politieke en ekonomiese elites om gemeenskappe en burgerlike groepe deel van die integrasieproses te maak (Nicoli 2020:899).

Saurugger (2014) identifiseer drie oorsaaklike faktore vir die proses van streeksintegrasië onder neofunksionalisme. Die oorsake is (1) groeiende ekonomiese interafhanklikheid van lande; (2) die vermoë van instellings om dispute op te los en lande in 'n streeksgroepering saam te voeg; (3) die totstandkoming van 'n supranasionale organisasie wat die regulatoriese meganismes van individuele lande vervang.

Vroeë navorsing oor neofunksionalisme het getoon dat bilaterale verhoudinge nie handel binne 'n streek bevorder nie. Die stelling is gemaak na aanleiding van probleme wat lande in Wes-Europa na die Tweede Wêreldoorlog ondervind het om hulle ekonomieë op koers te kry. Voorstelle vir integrasië is gemaak wat uiteindelik gelei het tot die totstandkoming van die Europese Unie. Die navorsers het ook aangevoer dat staatsamptenare, belangegroepes en kommersiële instellings die belange van die staat op 'n hoër vlak kan verteenwoordig. Haas (2004) stel in sy studie oor neofunksionalisme twee meganismes voor wat die proses van integrasië aandryf, naamlik 'n positiewe oorspoel-effek ("positive spillover") en die transformering van burgers se deelname aan die politieke en ekonomiese proses na 'n hoër vlak van politieke gesag.

Die positiewe oorspoel-effek is 'n meganisme wat kenmerkend van integrasië in verskeie streke van die wêreld is. Twee gepaste voorbeelde is die EU en ASEAN (Worldbank 2016). Ten opsigte van Afrika kan die integrasië van Afrikalande in een spesifieke sektor, byvoorbeeld e-handel, 'n aansporing vir dié lande wees om ook in ander sektore te integreer, byvoorbeeld programmering. Die integrasië sal daartoe bydra dat die volle potensiaal van die sektor waarin dit begin is, bereik word. Transaksies in die sektore sal toeneem, wat kan oorspoel na ander streke in Afrika en uiteindelik deur die AVHS as oorhoofse liggaam administreer word.

Haas (2004) skryf dat die meganisme om burgers se deelname na 'n hoër vlak van besluitneming te transformeer, die beste verstaan word indien streke 'n pluralistiese karakter het. Daar is met ander woorde 'n verskeidenheid van belange, oortuigings en kulture in die streek. Burgers, belangegroepes en assosiasies sal aan die supranasionale instelling deel neem om deel van die integrasieproses te word. Dit moet genoem word dat die AU Afrikalande se belange op 'n kontinentale vlak verteenwoordig en Pan-Afrikanistiese ideale nastreef om lande in Afrika deel van dié politieke entiteit te maak. Die AU ondersteun ook die doelwitte van die AVHS om ekonomiese integrasië en handel in Afrika te bevorder.

Neofunksionalisme sluit aan by China se uitgangspunt dat Afrika 'n web van interafhanklike streke moet vorm om handelsbetrekkinge te bevorder. Volgens Krueger (2020) moet ekonomiese interafhanklikheid nie met ekonomiese afhanklikheid verwar word nie. Ekonomiese interafhanklikheid is die wedersydse afhanklikheid van deelnemers in 'n ekonomiese sisteem wat handel dryf om produkte te bekom wat hulle nie self vervaardig nie. Ekonomiese afhanklikheid is die volgehoue afhanklikheid van lande en agente van mekaar om verskeie ekonomiese en nie-ekonomiese redes.

Dit is 'n doelwit van die AVHS om handelsdispute wat tussen die streke mag ontstaan op te los. Die oplos van dispute in die AVHS word administreer deur die Protokol op die Reëls en Prosedures vir die Oplos van Dispute. 'n Spesiale liggaam is daarvoor geskep wat dispute van streke ontvang en dan deur middel van arbitrasie oplos. Die vraag word gevra of lande in Afrika

die liggaam sal gebruik. Dit is nog te vroeg om die vraag te beantwoord, maar die kans is goed dat dispute sal ontstaan. Beskuldigings deur Afrika-regerings dat GPI-projekte nie voltooi word nie weens 'n gebrek aan fondse en die vertraging wat die pandemie die afgelope twee jaar veroorsaak het, mag daartoe lei dat dispute voor die AVHS gebring word. Daar is byvoorbeeld hofgedinge in Kenia wat verband hou met die onvoltooide Kenia-Uganda-spoorlyn en onvoltooide padprojekte in Liberië en Ghana (afronomicslaw.org 2021).

Die totstandkoming van 'n supranasionale instelling wat lei tot 'n verandering in die gedrag en verwagtinge van lande in bepaalde streke, word as die derde oorsaak van neofunksionalisme geïdentifiseer (Haas 2004). Soos wat die supranasionale instellings begin om resultate te lewer, so begin burgers en belangegroepes aan die organisatoriese prosesse van die instelling deelneem. Die deelname van die publiek in die organisatoriese aktiwiteite van die instelling beteken dat die integrasieproses momentum kry. In die geval van Afrika kan die doelwitte van streeksorganisasies oorgedra word na die AVHS.

Konstruktivisme fokus op die gedeelde belange en identiteite van rolspelers in internasionale verhoudinge en die manier waarop dit die sosiale interaksie tussen die rolspelers beïnvloed (Wendt 1999). Konstruktivisme verwerp die voorstelling van streke as staties en beskou streke eerder as dinamiese en kognitiewe entiteite wat versterk word deur ekonomiese en institusionele bande. Streeksorganisasies het hulle oorsprong in gedeelde ekonomiese identiteite tussen state (Adler 1997:321–4; Murphy 1991:73–6). As voorbeeld word genoem dat sosiale interaksie in ASEAN op gedeelde belange en identiteite steun (Singh 2000).

Konstruktivisme het betrekking op China se visie vir die mensdom. Die visie streef volhoubare ekonomiese ontwikkeling, samewerking en die handhawing van die internasionale regeersisteem vir alle lande in die wêreld na. Alhoewel die visie op 'n internasionale vlak bevorder word, poog China om samewerking veral met die ontwikkelende wêreld te bevorder. China se visie is veral ter sake in die Afrikakonteks. Die AU en streeksorganisasies, byvoorbeeld die OAG, EGSAS, en EGWAS ondersteun die visie en wil deel van 'n geïntegreerde Afrika word wat handelsbetrekkinge bevorder. Gedeelde waardes speel 'n rol om die sosiale konstruksie van die Forum vir China-Afrika-samewerking te verklaar. Verder het konstruktivisme waarde om lig te werp op die proses van institusionalisering wat in die forum plaasvind. Afrikalande aanvaar die norms en waardes wat China deur middel van sy leierskapsposisie in die forum aan die lande oordra. In watter mate is konstruktivisme van waarde om die verband tussen die GPI en AVHS aan te dui? Gedeelde belange tussen China en Afrika bou kohesie en skep areas van samewerking op verskeie terreine. Dit sou byvoorbeeld nie moontlik vir China en Afrika wees om gemeenskaplike ekonomiese doelwitte na te streef indien daar nie elemente van sosiale interaksie in die verhouding was nie.

Identiteit is dalk nie so 'n sterk faktor in die verhoudinge nie, omrede dit veronderstel dat taal en sosiokulturele elemente gedeel word. Daar is egter Chinese wat opgevoed is in die taal en kultuur van lande in Afrika en met die lewenstyl van die betrokke land identifiseer. Die gedeelde belange en identiteit vergemaklik kommunikasie tussen verskeie ekonomiese rolspelers, byvoorbeeld in ekonomiese verhoudinge, kontakte tussen besigheidslui en persoonlike verhoudinge. Die sosiale interaksie het ook 'n verband met die GPI en AVHS, omrede 'n gevoel van samehorigheid kan dien as motivering vir die bou van infrastruktuur wat nodig is om handel tussen streke te bevorder. Die deel van kennis, uitruil van vaardighede en sosiale interaksie tussen groepe is onder andere faktore wat die twee inisiatiewe met mekaar in verband bring.

Die bou van gesonde verhoudinge is verder belangrik om die persepsies wat Chinese en Afrikane teenoor mekaar het, positief of negatief te beïnvloed. In Tanzanië byvoorbeeld is die verhoudinge tussen Chinese en Afrikane goed en spreek hulle mekaar aan as broeders of susters. Dit kom 'n lang pad, vanaf China se volgehoue steun vir Tanzanië in die stryd vir onafhanklikheid tot in die moderne era waar Tanzanië deel van die GPI in Oos-Afrika is. In Egipte wend China pogings aan om praktiese samewerking op GPI-projekte te bevorder. Dit val saam met die regering van Egipte se 2030-visie om infrastruktuur te bou wat die ekonomie van die streek met die handelsdoelwitte van die AVHS laat belyn. Gedeelde belange en identiteit vorm dus 'n grondslag om sosiale interaksie tussen Chinese en Afrikane te bevorder. Die interaksie kom in die praktyk tot toepassing deur die GPI met sy projekte waar Chinese en Afrikane vir 'n gedeelde toekoms saamwerk en in die AVHS waar wedersydse ekonomiese doelwitte bevorder word.

5. Inhoudelike kwessies

China se uitdaging van die Westerse model vir finansiering is een van die groot areas van kritiek wat die Weste teenoor die GPI in Afrika het. Pogings van die Weste om finansiering deur middel van bilaterale en multilaterale ooreenkomste te verskaf word oorskadu deur die groot hoeveelhede geld wat China in die GPI stoot. Finansiering van die Weste is opgedeel in kleiner eenhede, wat 'n probleem veroorsaak om fondse vir projekte onmiddellik beskikbaar te stel. Tydens die G7-beraad van 2021 het die leiers van die VSA, Kanada, Frankryk, Duitsland, Italië, Japan en die Verenigde Koninkryk besluit om 'n alternatief tot die G7 te loods, naamlik die Build Back Better World- (B3W-) inisiatief. Dit is die eerste gesamentlike poging van die Weste om 'n volhoubare en geteikende inisiatief van stapel te stuur wat China se uitdaging tot die reëls-gebaseerde, internasionale orde kan teenwerk.

Die probleem is dat die inisiatief gaan sukkel om met China in Afrika mee te ding, vanweë Westerse lande se swak strategieë om handelsnetwerke en ekonomiese toegangsroetes in Afrika met hulle onderskeie ekonomieë te verbind. Dit beïnvloed samewerking met die AVHS, aangesien GPI-infrastruktuur opgerig word om samewerking tussen China en Afrika te bevorder en die Weste moontlik uitgesluit van die netwerke sal wees. Die AVHS stel egter die Afrika-mark vir die hele wêreld beskikbaar en met die regte programme kan die Weste ook munt uit die vryhandelzone slaan.

Volgens Campbell (2020) sal die AVHS minder aangewese op die AVHS wees as die Weste mededingende voordele aanbied. In dié opsig het die VSA die laaste aantal jare reeds verskeie inisiatiewe en programme geloods. Die Trump-administrasie het in 2018 die Better Utilization of Investments Leading to Development Act (BUILD Act) geloods wat as 'n basis vir die skepping van 'n internasionale ontwikkelingsfinansieringskorporasie (IDFC) dien. Dit poog om China se bedrag van 60 miljard Amerikaanse dollar wat in 2018 tydens FOCAC aan Afrikalande belowe is, te ewenaar. Die US Agency for International Development (USAID) en die Millennium Challenge Corporation (MCC) voorsien ook fondse om infrastruktuur in Afrika op te rig wat ten slotte handel onder die AVHS gaan bevorder.

Terwyl die GPI op sy eie nie sterk genoeg is om die besigheidslandskap in Afrika te verander nie, is China se bou van infrastruktuur van waarde om uitvoering aan die AVHS te gee. China is bereidwillig om Afrikalande ekonomies te help ontwikkel, wat die China-Afrika-vennootskap

op internasionale vlak versterk. Die voordele van samewerking tussen China en Afrika stel ook 'n voorbeeld aan die wêreld. Aan die ander kant word vryhandelsooreenkomste en streeks-integrasie deur lande in die wêreld bevraagteken, omrede politieke samewerking, leierskap en kollektiewe aksie nie gewenste resultate lewer nie. Dit is toe te skryf aan politieke samewerking wat fokus op korttermyn doelwitte, lande se handelsbeleid teen mekaar afspeel, en 'n toename in proteksionisme. Die GPI en AVHS poog egter om die langtermyn handelsdoelwitte van China en Afrika te verbind, wat tot groter samewerking sal lei. Terwyl Europa en die VSA in een rigting beweeg, is China en Afrika besig om in 'n ander rigting te beweeg.

China is afhanklik van GPI-projekte vir ekonomiese groei. Dit word gesien in projekte wat reeds in Afrika voltooi is en waar handel dubbeld toegeneem het. Teen die einde van 2020 is verskeie GPI-projekte in Oos-Afrika voltooi wat die maritieme roete van die GPI met Afrika verbind. Die maritieme roete is oorspronklik ontwerp om die Ooskus van Afrika in te sluit. Die GPI hou groot ekonomiese en politieke voordele vir China in, byvoorbeeld die uitbreiding van uitvoermarkte, die bevordering van die Renminbi (RMB) as 'n internasionale geldeenheid, die verlaging van tariewe en vervoerkostes en die bemerking van 'n wye verskeidenheid goedere na Afrikalande met minder regulatoriese beperkinge. Met die pandemie die laaste twee jaar is dit te verstane dat handel afgeneem het as gevolg van beperkings op die in- en uitvoer van goedere en vertraginge in aflewings. Die hoop is dat die situasie in die postpandemie era na normaal sal terugkeer en Chinese finansiële instellings sal voortgaan om lenings vir die voltooiing van infrastruktuur beskikbaar te stel.

China handhaaf 'n beleid van ekonomiese ontwikkeling met lande in die globale suide en lande word vir samewerking beloon. Dit val alles saam met pogings om die globale suide deel van 'n Chinees-gesentreerde internasionale handelsnetwerk te maak. Dit is ook 'n manier om ontwikkelende lande in China se visie vir 'n nuwe wêreldorde in te sluit. China se verwerping van Westerse demokrasie en Amerikaanse imperialisme word in die meeste gevalle ook deur Afrikalande ondersteun. Al hierdie kwessies bring China en Afrika nader aan mekaar. Die Forum vir China-Afrika-samewerking is 'n goeie voorbeeld om aan te toon hoe multilaterale samewerking in Afrika bevorder word. Afrikalande beskou die GPI in 'n positiewe lig, omrede dit groot potensiaal vir die ontwikkeling van hulle ekonomieë inhou. Dit beteken ook dat die AVHS van GPI-infrastruktuur gebruik kan maak om handel in Afrika te versnel. In internasionale politiek word verwys na wortel-en-stok-diplomasie om lande te oorrede om saam te werk of lande te straf vir geen samewerking nie. China weerhou finansiering vir die voltooiing van projekte, weens 'n gebrek aan beleggingskapitaal, 'n ineenstorting van kommoditeitspryse wat die risiko van niebetaling deur Afrika-regerings verhoog en Afrika-regerings se versuim om natuurlike hulpbronne vir finansiering te ruil. Die faktore dra daartoe by dat China weerhouding as 'n vorm van straf mag gebruik.

Somaliland het in Augustus 2018 amptelik by die GPI aangesluit en die verhoudinge met China is op goeie voet. Die Saharawi Arabiese Demokratiese Republiek word nie deur China erken nie en is dus nie deel van die GPI in Wes- en Noord-Afrika nie.

6. Kritiese ontleding

Van die handelsooreenkomste wat China en Afrika in die laaste jare gesluit het, is gemik op die integrasie van streke. Dié ooreenkomste is belangrik om verhoudinge te versterk en

ekonomiese groei en ontwikkeling te bevorder. Die ooreenkomste plaas China egter in 'n voordelige posisie, omrede dié land groter ekonomiese mag as enige van die lande in Afrika het. Dit is nadelig vir Afrika, omrede individuele lande van hulle ekonomiese integriteit aan China oordra. Verder versterk dit China se mededingende voordeel en beïnvloed dit die pryse van goedere en dienste. Daar is egter ook voordele vir Afrika, soos die verwydering van struikelblokke wat handel belemmer, wat dan geleenthede vir Afrikalande skep om met mekaar handel te dryf. In IPE staan dit bekend as die skep van handel. Die skep van handel is 'n kernelement in die besluit van China en Afrika om handelsooreenkomste te sluit. Lande wat in die GPI se groeiakoers deel, het in die laaste jare toegeneem, wat ook 'n aanduiding is dat interstreekshandel aan die toeneem is. 'n Faktor wat verband hou met die skep van handel is 'n verlaging in tariewe op goedere en dienste, wat laer pryse vir verbruikers bied. Sedert die GPI in Afrika 'n aanvang geneem het, is duisende werksgeleenthede vir plaaslike bevolkings en Chinese migrante geskep. Dit is 'n ander voordeel van streeksintegrasie – die verwydering van beperkinge op die vrye beweging van arbeiders.

Die diversifisering van handel is 'n ander faktor wat streeksintegrasie bevorder. Dit word hoofsaaklik gesien in die oprigting van spesialisnywerhede wat die vraag na spesialisprodukte binne streke opstoot. Suid-Afrika met sy tegnologiese vindingrykheid, Kenia met sy ontwikkelde toerismebedryf, Angola wat steun op die lewering van energie, en Tunisië met sy groeiende sukses in uitvoere is voorbeelde van lande in Afrika wat gediversifiseerde ekonomieë op streeksvlak het. Terwyl dit waar is dat China oorreding as 'n instrument van ekonomiese diplomatie gebruik, byvoorbeeld in die Forum vir China-Afrika-samewerking, is Afrika se agentskap aan die groei. In 2018 is die GPI ingesluit op die agenda van die forum, wat Afrikalande die geleentheid bied om beter voordele vir hulle ekonomieë te onderhandel. Die AVHS gaan ook 'n platform vir Afrikalande skep om sterker na vore te tree in onderhandelinge met China. Ten spyte van al die lofprysings wat die AVHS toegeswaai word, is daar uitdagings. Van die grootste uitdagings wat lande op die GPI-roetes in die gesig staar, is swak infrastruktuur. Dit bestaan steeds, selfs asof dit voorkom of China konstant besig is om infrastruktuur te bou. Infrastruktuur is veral nodig om die tekort aan kantore, weegskale en ander geriewe by grensposte te bou.

Ekonomiese toegangsroetes is 'n integrale deel van China se beleid om nywerheidsareas met verspreidingsentrums te verbind. Die toegangsroetes is reeds vir etlike dekades die slagjaar wat China se groot nywerheidsareas met ander streke en buurlande verbind. Wat is die gevolge van die toegangsroetes in Afrika? Eerstens is dit waar dat GPI-infrastruktuurprojekte lande met mekaar verbind, meer Chinese beleggings lok en vir ekonomiese ontwikkeling sorg. Maar die teendeel is ook waar. Die koste van nuwe infrastruktuur oorskry in sekere gevalle die voordele, byvoorbeeld die hoë skuldlast waarmee lande opgeskeep sit en 'n vertraging in die voltooiing van toegangsroetes. 'n Voorbeeld van waar GPI-fondse opgedroog het, is die Kenia-standaardspoorlyn. Die projek het sterk teenkating van burgerregtegroepe gekry weens Chinese kontrakbreuk en 'n versuim van die Chinese regering om omgewingsimpakstudies te doen. Slegs 'n gedeelte van die spoorlyn is voltooi.

Neoliberalisme word gekritiseer in gevalle waar streeksintegrasie nie na wense verloop nie. Na al die jare wat ASEAN bestaan, ondervind die organisasie steeds probleme om finansiële integrasie te bevorder en regulatoriese meganismes in te stel wat individuele eiendomsreg beskerm. Dit is 'n probleem wat ook in Afrika voorkom, met Chinese rooifprodukte, byvoorbeeld klerasie, slimfone en elektroniese ware wat onwettig versprei word en waarvoor daar nie 'n liggaam bestaan wat die produkte kan reguleer nie. Die integrasie van al die markte in Afrika

onder die AVHS gaan die probleem waarskynlik vererger, aangesien die produkte nou oor 'n groter afsetgebied versprei gaan word wat die aanwending van ekstra mannekrag gaan kos om die verspreiding stop te sit. Neoliberalisme staan ook die vrye vloeï van arbeiders tussen streke voor. In werklikheid betaal besighede kleiner salarisse aan trekarbeiders om produksiekostes laag te hou en heel moontlik winsmarges op te stoot. Op langtermyn kan dit egter die oproep van die AVHS dat lande van plaaslike arbeiders gebruik maak om spesialisnywerhede op te rig, in die wiele ry. Trekarbeiders sal geleenthede in die kontinentale mark misbruik, wat moontlik tot werkloosheid onder plaaslike werkers gaan lei en die skep van gespesialiseerde nywerhede ongedaan maak.

Neoliberalisme se fokus op die vrye verhandeling van goedere en dienste het die potensiaal om tot ongelukheid in die lewering van dienste te lei. Dienste wat noodsaaklik vir individuele lande se ekonomieë is om te funksioneer, word nou saamgevoeg in een poel van gemeenskaplike dienste wat ryker lande en politieke elites bevoordeel. Hier word die voorbeeld van ontwikkelde lande wat tegnologie aan armer lande verkoop, gebruik. Dit is waarskynlik waar dat die AVHS van Westerse tegnologie gebruik sal maak om die handelsinstrumente in werking te stel.

Die laaste kritiek teen die neoliberale model is dat Westerse lande in hulle handel met Afrika tradisioneel proteksionisties is, maar dat hulle van Afrikalande verwag om handelstruikelblokke uit die weg te ruim. Die AVHS poog om die Afrikamark aan die wêreld bekend te stel en dit sal moeilik realiseer indien die houding bestaan dat Afrika steeds afhanklik van Westerse ekonomieë is. Die neoliberale begrip van *mededingende voordeel* moet in alle erns nagestreef word om Afrika op 'n gelyke voet met die Weste te plaas.

Ten opsigte van China se rol die volgende: Een van die hoofdoelwitte van neoliberalisme is om die staat se beheer in buitelandse beleggings te verminder en private eienaarskap aan te moedig. China se beleggings word in Afrika gebruik vir ekonomiese ontwikkeling, en sedert die GPI bekendgestel, is vir die bou van infrastruktuur. Kritiek is dat van die fondse nie vir konstruksie aangewend word nie, maar in die hande van die politieke elite en ander rolspelers beland. Dit dra dus nie daartoe by om infrastruktuur te bou wat toegangsroetes met mekaar kan verbind en die AVHS se doelwit vir die fasilitering van handel te bevorder nie.

Terwyl neofunksionalisme in die teorie die deelname van die algemene bevolking in die politieke integrasieproses aanmoedig, is daar tekortkominge in die Afrika-konteks. Die teorie is oorspronklik ontwikkel om politieke integrasie van Europese lande in die EU te bevorder en het die pluralisties-demokratiese karakter van dié lande in ag geneem. Europese lande met 'n sterk nywerheidsbasis is as belangrik beskou om die integrasieproses te bespoedig. Alhoewel Afrika beskou word as 'n pluralistiese gemeenskap vanweë al die verskillende etniese groepe en politieke partye, is die kontinent agter die ontwikkelde wêreld in terme van industrialisasie. Die AVHS se doelwit om industrialisasie binne streke aan te moedig wat later 'n interstreeks-oorspoeleffek kan hê, is dalk te ambisieus op dié stadium. 'n Verdere gebrek is dat politieke leiers min of geen bereidwilligheid toon om die publiek en belangegroeppe deel van die integrasieproses te maak nie. Dit plaas 'n vraagteken agter die AVHS se ambisie om verteenwoordigend van die hele Afrika se handelsbelange te wees.

Konstruktivisme in internasionale verhoudinge gaan van die standpunt uit dat gedeelde waardes en belange tot die vorming van politieke entiteite en internasionale organisasies bydra. Die AU is byvoorbeeld geskep om die gemeenskaplike politieke en sosiale ambisies van Afrika se regerings en inwoners in die liggaam te verteenwoordig. Maar die instelling word reeds vir jare

gekritiseer weens 'n versuim om die sosiale dinamika van verskillende groepe te bevorder. Dit laat die vraag ontstaan of die AVHS dieselfde pad gaan loop. Sterk identiteit en wedersydse vertroue beteken nie noodwendig dat lande in 'n streek 'n regionale groepering vorm nie. ASEAN het tot stand gekom om die kulturele en ideologiese bande tussen lande in Suid-Oos Asië te versterk, maar die pogings het gefaal om die organisasie 'n kollektiewe identiteit te gee. Die AVHS stel dit onder andere dat Afrikane se gedeelde ekonomiese belange, soos die verligting van armoede, werkskepping, en meer en regverdigde handelsgelentheid, 'n gevoel van samehörigheid onder burgers sal laat posvat om die integrasieproses te bevorder. Die samehörigheidsgevoel loop egter die gevaar om te misluk as gevolg van politieke elites se persoonlike voorkeure vir ekonomiese ontwikkeling, finansiële sektorhervormings wat sloer, byvoorbeeld die inwerkingstelling van 'n Afrikageldeenheid en 'n onvermoë om demokratiese ideale te verenig en menseregte te bevorder.

7. Gevolgtrekking

Die bou van GPI-infrastruktuur bevorder streeksintegrasië en die fasilitering van handel in die AVHS is as die probleemstelling gestel. Dit het gelei tot 'n ondersoek na die koppeling tussen die GPI en AVHS deur te steun op insigte uit die politieke ekonomie van handel en streeksintegrasië. Verskeie teoretiese argumente het aangetoon dat die twee inisiatiewe wel 'n verband het en mekaar aanvul.

Eerstens word verwys na China en Afrika se verbandhoudende perspektiewe oor streeksintegrasië en die fasilitering van handel, onder andere die bou van SES'e om nywerheids-spesialisasie aan te moedig, verlaagde tariewe op goedere en dienste, die vloei van werkers tussen streke en mededingende markvoordeel. Tweedens kan die koppeling vrugte afwerp indien projekte op 'n wen-wen-situasie fokus. Die strategie versoen die GPI se bou van infrastruktuur met die AVHS se liberalisering van handel. Derdens is dit nodig dat projekte aangepak word wat nasionale en landelike netwerke deur ekonomiese toegangsroetes verbind. Dit sal internasionale in- en uitvoere fasiliteer en ook verseker dat infrastruktuur nie slegs vir internasionale handel gebruik word nie, maar ook om streeksintegrasië te bevorder.

'n Aanbeveling is die belangrikheid van gesprek tussen China en Afrika om areas en roetes vir streeksintegrasië te identifiseer. China se finansiële hulpverlening en ervaring in die bou van infrastruktuur kan meehelp om streke te integreer en mededingende markte te skep. China se kennis en ervaring ten opsigte van die ontwikkeling van industrieë en regulering van handelstariewe kan tot voordeel van die AVHS strek. 'n Kontinentale strategie kan individuele regerings ook in staat stel om spesifieke strategieë te ontwikkel wat die voordele van die twee inisiatiewe binne hulle eie nasionale ontwikkelingsdoelwitte en -planne kan inkorporeer. Laastens is dit nog te vroeg om enige voorspellings oor die lewensvatbaarheid van die AVHS te maak en gaan dit nog 'n geruime tyd duur voordat handel 'n positiewe gevolg gaan wys. Terwyl die AVHS 'n belangrike middel is om ekonomiese integrasië te weeg te bring, gaan dit moeilik gebeur sonder die bystand van die GPI.

Bibliografie

Adler, E. 1997. Seizing the middle ground: constructivism in world politics. *European Journal of International Relations*, 3(3):319–63.

africanews.com. 2022. What is the way forward for the AfCFTA? [Business Africa]. 6 Januarie. <https://www.africanews.com/2022/01/06/what-is-the-way-forward-for-the-afcfta-business-africa> (1 Februarie 2022 geraadpleeg).

afronomicslaw.org. 2021. Protocol on rules and procedures of the settlement of disputes. <https://www.afronomicslaw.org/taxonomy/term/558#:~:text=The%20settlement%20of%20disputes%20under,and%20determine%20interstate%20trade%20disputes> (10 Augustus 2022 geraadpleeg).

Apiko, P., S. Woolfrey en B. Byiers. 2020. The promise of the African Continental Free Trade Area (AfCFTA). <https://ecdpm.org/work/the-promise-of-the-african-continental-free-trade-area-afcfta> (11 Desember 2021 geraadpleeg).

Arduino, A. en G. Gong. 2018. *Securing the Belt and Road Initiative: Risk assessment, private security and special insurances along the new wave of Chinese outbound investments*. Londen: Palgrave Macmillan.

Arkebe, O. en J.Y. Lin. 2019. *China-Africa and an economic transformation*. Oxford: Oxford University Press.

au.int. 2018. Agreement establishing the African Continental Free Trade Area. <https://au.int/en/treaties/agreement-establishing-african-continental-free-trade-area> (12 November 2021 geraadpleeg).

—. 2020. African trade statistics. https://au.int/sites/default/files/documents/39607-doc-af-trade_yearbook2020_v4_comp-compresse_1.pdf (16 Maart 2022 geraadpleeg).

Bora, L.Y. en R. Meissner. 2020. *China and global governance: Leadership through BRI*. VK: Londen, Cogent Social Sciences.

Campbell, J. 2020. Trump's Africa policy is better than it looks. 6 April. <https://www.cfr.org/in-brief/trumps-africa-policy-better-it-looks> (15 Augustus 2022 geraadpleeg).

china.org.cn. 2021. China's free trade agreements. 13 Februarie. http://www.china.org.cn/business/node_7233287.htm (19 Januarie 2022 geraadpleeg).

Claar, S. en N. Andreas. 2013. Deep integration in North-South relations: Compatibility issues between the EU and South Africa. *Review of African Political Economy*, 40(136):274–89.

Cora, M. en A.D. Castle. 2016. *Regional economic integration and globalization*. Scotts Valley: CreateSpace Publishers.

De Grauwe, P. en Z. Zhang. 2016. The rise of China and regional integration in East Asia. *Scottish Journal of Political Economy*, 63(1):1–6.

De Lombaerde, P. en L. van Langenhove. 2007. Regional integration, poverty and social policy. *Global Social Policy*, 7(3):377–83.

economist.com. 2022. How Chinese firms have dominated African infrastructure. <https://www.economist.com/middle-east-and-africa/how-chinese-firms-have-dominated-african-infrastructure/21807721> (12 Maart 2022 geraadpleeg).

english.mofcom.gov.cn. 2020. China's investment and cooperation with BRI countries from January to October 2020. 27 November. <http://english.mofcom.gov.cn/article/statistic/foreigntradecooperation/202012/20201203021849.shtml> (21 Desember 2021 geraadpleeg).

eng.yidaiyilu.gov.cn. 2017. Building the Belt and Road: Concept, practice and China's contribution. <https://eng.yidaiyilu.gov.cn/wcm.files/upload/CMSydylyw/201705/201705110537027.pdf> (15 Oktober 2021 geraadpleeg).

fmprc.gov.cn. 2021. Ambassador Liu Yuxi: Promote China-Africa Belt and Road cooperation in the new era. 17 Desember. https://www.fmprc.gov.cn/eng/wjw_663304/zwjg_665342/zwbd_665378/202112/t20211217_10471245.html#:~:text=Africa%20is%20an%20important%20direction,on%20cooperation%20under%20the%20initiative (21 Februarie 2022 geraadpleeg).

Fu, Y. en O. Eguegu. 2021. China's BRI and the AfCFTA: potential overlaps, complementarities and challenges. 20 Julie. <https://saiia.org.za/research/chinas-bri-and-the-afcfta-potential-overlaps-complementarities-and-challenges> (3 Februarie 2022 geraadpleeg).

Gilpin, R. 2001. *Global political economy: Understanding the international economic order*. Princeton: Princeton University Press.

global.chinadaily.com.cn. 2021. Chinese smartphone brands top Africa's market in Q3. 7 Desember. <https://global.chinadaily.com.cn/a/202112/07/WS61aecc9fa310cdd39bc79d4f.html> (20 Februarie 2022 geraadpleeg).

Gorecki, I. 2020. Kenya's Standard Gauge Railway: The promise and risks of rail megaprojects. 24 September. <https://africaupclose.wilsoncenter.org/kenyas-standard-gauge-railway-the-promise-and-risks-of-rail-megaprojects/#:~:text=Kenya's%20New%20Railway,the%20colonial%20metre%20gauge%20railway> (15 Desember 2021 geraadpleeg).

Gu, J. en S. Qiu. 2019. The Belt and Road Initiative and Africa's sustainable development: A case study of Kenya. *IDS Bulletin*, 50(4):89–109.

Haas, E.B. 2004. *The uniting of Europe: Political, social, and economic forces, 1950–1957*. Indiana: University of Notre Dame Press.

Hakeenah, N. 2021. AfCFTA, China and the Trans African Railway. 5 Januarie. <https://theexchange.africa/industry-and-trade/infrastructure/afcfta-china-bri-trans-african-railway> (13 November 2021 geraadpleeg).

Ighobor, K. 2022. One year of free trading in Africa calls for celebration despite teething problems. 5 Januarie. <https://www.un.org/africarenewal/magazine/january-2022/one-year-free-trading-africa-calls-celebration-despite-teething-problems> (5 Februarie 2022 geraadpleeg).

infomineo.com. 2021. Special Economic Zones in Africa (SEZs): Impact, efforts, and recommendations. 18 Januarie. <https://infomineo.com/special-economic-zones-in-africa-impact-efforts-and-recommendations> (12 Desember 2021 geraadpleeg).

Killion, M.U. 2008. Regional economic integration: The Chinese way. SSRN. <https://ssrn.com/abstract=1325655> (2 Januarie 2021 geraadpleeg).

Krueger, A. 2020. *International trade: What everyone needs to know*. Oxford: Oxford University Press.

Kuhlmann, K. en A.L. Agutu. 2020. The African Continental Free Trade Area: Toward a new legal model for trade and development. *Georgetown Journal of International Law*, 51(4):756–7.

Kuwono, F. 2021. Africa's free trade area opens for business. 7 Januarie. <https://www.un.org/africarenewal/magazine/january-2021/afcfta-africa-now-open-business> (15 Desember 2021).

Landry, S. 2018. Africa's consumer market potential: Trends, drivers, opportunities, and strategies. 5 Desember. <https://www.brookings.edu/research/africas-consumer-market-potential> (9 Desember 2021 geraadpleeg).

Li, X. 2019. "Deeper policy reforms" of BRI to help tap regional economic potential: World Bank. 19 Junie. http://www.xinhuanet.com/english/2019-06/19/c_138155464.htm (16 Januarie 2022 geraadpleeg).

Mely, C.A. 2016. *An introduction to non-traditional security studies: A transnational approach*. Londen: SAGE Publications.

Murphy, R.G. 1991. The terms of trade, investment and the current account. *Journal of Economic Integration*, 7(1):68–80.

Mutethya, E. 2022. BRI projects light up Africa's prospects. 6 Januarie. http://www.chinadaily.com.cn/a/202201/06/WS61d648b6a310cdd39bc7f695_1.html (25 Februarie 2022 geraadpleeg).

Mwareya, R. en N. Bhobo. 2021. Will China help or hurt the AfCFTA? 2 Februarie. <https://www.theafricareport.com/61451/will-china-help-or-hurt-the-afcfta> (13 November 2021 geraadpleeg).

Ndichu, L. 2020. BRI can help put Africa's key projects on fast track. 24 September. <https://global.chinadaily.com.cn/a/202009/24/WS5f6bf28aa31024ad0ba7b667.html> (11 Februarie 2022 geraadpleeg).

- Nicoli, F. 2020. Neofunctionalism revisited: Integration theory and varieties of outcomes in the Eurocrisis. *Journal of European Integration*, 42(7):897–916.
- oecd.org. 2018. China's Belt and Road Initiative in the global trade, investment and finance landscape. <https://www.oecd.org/finance/Chinas-Belt-and-Road-Initiative-in-the-global-trade-investment-and-finance-landscape.pdf> (18 Januarie 2022 geraadpleeg).
- Ohashi, H. 2018. The Belt and Road Initiative (BRI) in the context of China's opening-up policy. *Journal of Contemporary East Asian Studies*, 7(2):85–103.
- oxfordbusinessgroup.com. 2020. Benefits of the African Continental Free Trade Area Agreement. <https://oxfordbusinessgroup.com/analysis/game-changer-new-trade-deal-lays-groundwork-acceleration-integration-and-intra-0> (5 Augustus 2022 geraadpleeg).
- Phiri, M. en N. Mungomba. 2019. Leveraging the BRI for Africa's industrialisation and intra-trade (Opportunities for the AfCFTA). Working Paper No. 38. Lusaka: Zambia Institute for Policy Analysis and Research.
- Prasad, D. 2021. Regional integration and the African Continental Free Trade Agreement: From parallelism to harmonisation. 24 November. <https://www.ibanet.org/regional-integration-afcfta> (10 Maart 2022 geraadpleeg).
- Rana P.B. en X. Ji. 2020. *China's Belt and Road Initiative: Impacts on Asia and Policy Agenda*. Singapoer: Palgrave Macmillan.
- Ravenhill, J. 2011. *Global political economy*. 3de uitgawe. Oxford: Oxford University Press.
- Saurugger, S. 2014. *Theoretical approaches to European integration*. Londen: Basingstoke.
- Shinn, D.H. en J. Eisenmann. 2020. Evolving principles and guiding concepts: How China gains African support for its core national interests. *Orbis*, 64(2):271–88.
- Singh, H. 2000. *Hegemony and the construction of regions*. Londen: Macmillan.
- Solingen, E. 2015. *Comparative regionalism: Economics and security*. New York: Routledge.
- Tiezzi, S. 2021. China's Africa diplomacy starts 2021 on a high note. 6 Januarie. <https://thediplomat.com/2021/01/chinas-africa-diplomacy-starts-2021-on-a-high-note> (27 Januarie 2022 geraadpleeg).
- Tomassian, G.C. 2009. Physical infrastructure and regional integration. November. https://repositorio.cepal.org/bitstream/handle/11362/36290/FAL-280-WEB-ENG_en.pdf?sequence=1 (2 Maart 2022 geraadpleeg).
- Tribe, M. 2021. *Economic neoliberalism and international development*. Londen: Routledge.

unctad.org. 2016. African Continental Free Trade Area: Policy and negotiation options for trade in goods. https://unctad.org/system/files/official-document/webditc2016d7_en.pdf (16 November 2021 geraadpleeg).

Van Ginkel, H. en L. van Langenhove. 2003. *Integrating Africa: Perspectives on regional integration and development*. Columbia: UNU Press.

vanguard.com. 2020. Facts and figures of Africa free trade, AfCFTA. 23 Desember. <https://www.vanguardngr.com/2020/12/facts-and-figures-of-africa-free-trade-afcfta> (10 Januarie 2022 geraadpleeg).

Van Langenhove, L. 2013. The unity and diversity in regional integration studies. *Georgetown Journal of International Affairs*, 14(2):19–28.

Wendt, A. 1999. *Social theory of international politics*. Cambridge: Cambridge University Press.

Worldbank. 2016. Regional integration and spillovers. Europe and Central Asia. <https://www.worldbank.org/content/dam/Worldbank/GEP/GEP2016a/Global-Economic-Prospects-January-2016-Spillovers-ECA.pdf> (9 Augustus 2022 geraadpleeg).

—. 2019. *Belt and Road economics: Opportunities and risks of transport corridors*. Washington: The World Bank.

—. 2020. *The African Continental Free Trade Area: Economic and distributional effects*. Washington: The World Bank.

xinhuanet.com. 2020. AfCFTA commences trading, offering new opportunities for China-Africa cooperation. 1 Januarie. http://www.xinhuanet.com/english/2021-01/01/c_139635237.htm (17 Oktober 2021 geraadpleeg).

Yachyshen, D. 2020. Great power competition and the scramble for Africa. 30 April. <https://www.fpri.org/article/2020/04/great-power-competition-and-the-scramble-for-africa> (14 November 2021 geraadpleeg).

Zhang, Z. 2018. The Belt and Road Initiative: China's new geopolitical strategy? https://www.swp-berlin.org/fileadmin/contents/products/projekt_papiere/Zhang_BCAS_2018_BRI_China_7.pdf (21 Desember 2021 geraadpleeg).

Eindnotas

¹ Internasionale Politieke Ekonomie (IPE) behels die bestudering van politieke en ekonomiese interaksie in die internasionale terrein. Dit is 'n subveld van ekonomie, politieke wetenskappe en internasionale verhoudinge.

² Die begrippe *die globale noorde* en *die globale suide* of *Noord-Suid-verdeling* word gebruik om 'n groepering van lande op grond van sosio-ekonomiese en politieke eienskappe te

beskryf. *Die globale suide* is 'n term wat dikwels gebruik word om lande wat in die laerinkomstegroep val te identifiseer, terwyl daar na lande wat in 'n hoërinkomstegroep val, as *die globale noorde* of *ontwikkelde lande* verwys word. Die terme verwys nie na die geografiese voorkoms van lande in die verskillende halfronde nie. Die meeste lande in die globale suide is in die noordelike halfrond geleë.

³ Artikel 19 van die AVHS stel dit duidelik dat lande wat deel is van ander ekonomiese gemeenskappe, handelsooreenkomste en doeane-unies wat reeds deur middel van onderlinge samewerking hoë vlakke van integrasie verkry het, dié hoë vlakke van integrasie moet handhaaf. Ten opsigte van die AVHS vorm die ekonomiese gemeenskappe en streeksooreenkomste die boustene vir die implementering van die inisiatief en word hulle in die handelstruktuur van die inisiatief opgeneem.